# DIE VERLOSSINGSMOTIEF IN DIE POËSIE VAN D. J. OPPERMAN

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER VERKRYGING

VAN DIE GRAAD

DOCTOR LITTERARUM

aan die Potchefstroomse Universiteit

vir Christelike Hoër Onderwys

d e u r

PETRUS DUVENAGE VAN DER WALT

-----------oOo-----------

# I N H O U D

Bladsy

V O O R W O O R D ---------------------------------------- 4

I N L E I D I N G ---------------------------------------- 5

A F D E L I N G 1 :

D I E V E R L O S S I N G S M O T I E F 11

1. HEILIGE BEESTE ------------------------------ 12
2. NEGESTER OOR NINEVÉ ------------------------ 28
3. JOERNAAL VAN JORIK ------------------------- 45
4. ENGEL UIT DIE KLIP ------------------------- 61
5. BLOM EN BAAIERD ---------------------------- 80

A F D E L I N G 11 :

D I E V E R L O S S I N G S M O T I E F
E N D I E G E D I G ------------- 97

1. DIE LAAGGEDIG ---------------------------- 98

2. DIE INTEGRASIE VAN DIE OERTEKS --------- 137

3. DIE AANWENDING VAN DIE GEWONE WOORD --- 192

AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE WERKE EN ARTIKELS --- 249

---------------oOo---------------

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif wil ek in die eerste plek my opregte dank en waardering betuig teenoor prof. dr. G. Dekker wat as promotor hierdie ondersoek gelei het. Sonder sy heldere insig, opbouende kritiek, leiding en bemoediging sou hierdie studie nooit voltooi kon word nie. Ek is aan hom besonder veel verskuldig, ook vir wat hy in so 'n ruime mate bygedra het tot my vorming gedurende die jare wat ek hom as leermeester gehad het. Hy het my as jong student in die wêreld van die literatuurwetenskap binnegelei en het deur al die jare heen vir my 'n besieling gebly.

Ewe-eens wil ek my dank uitspreek teenoor prof. F.J. Labuschagne by wie se diepgaande kennis van die taalwetenskap ek soveel gebaat het. Ek het 'n besondere waardering vir die simpatieke leiding wat ek sedert my eerste studiejare van hom ontvang het.

Ook wil ek hier dankbaar gewag maak van die prikkelende gesprekke wat ek met dr. A.P.Grové oor die literatuur en in die besonder oor die digkuns van D.J.Opperman gevoer het. Dit is hierdie gesprekke wat gelei het tot die keuse van hierdie besondere studieonderwerp.

Verder wil ek my erkentlikheid betuig teenoor prof. G.S. Nienaber en drr.P. du P. Grobler en C.J.M. Nienaber vir hul aanmoediging en hartlike vriendskap.

---oOo---

# INLEIDING

Wanneer 'n mens Opperman se gepubliseerde poësie sistematies deurlees, val dit jou op dat die slotgedig van die jongste bundel, BLOM EN BAAIERD, nl. Paddas, die leser of letterkundige ondersoeker in verskeie opsigte heenwys na 'n tradisie wat deur die digter self geskep is in sy oeuvre : sy hantering van die beeld en die „toepassing", die konsepsie van digterskap en „verlossing" - dit alles hou verband met Opperman se vroeëre werk, hoeseer hy ook in die onderhawige gedig ten volle die „objective correlative" [1] gevind het en 'n outonome wêreldjie, 'n klein kosmos, 'n glansende kiemsel [2] geskep het deur die dramatisering [3] van sy materiaal, om so 'n bo-tydelike en universele geldigheid aan sy gedig te verleen.

PADDAS

As die waters uit die hemel sak
oor blaar, sambreel en dak,
begin diep deur die reën ontroer
in alle plasse
en moerasse
ons, die tortels van die modder, koer.

Ons voel opnuut Sy gees
soos in die begin uitsweef,
en uit die eerste modders opgewek,
hervat ons klein, onwys,
terwyl ons skel of prys
die onvoltooide groot gesprek.

Die eerste helderhede wyk
en alles word bedek met slyk.
Tussen die biesies van die stede uit
deur die lang nagwaak
terwyl die ander slaap,
ryg ons die stringe liggies van die kuit.

Ons /

Ons mik nog na 'n mot
dan hoor ons die bevel van God :
„Spring uit elke sloot en kreupelbos
in kombuis, in room,
in elke bed, in elke droom
tot Farao My gevange volk verlos".

Ons wat uit die slym
berg en ster berym,
roep oor die borreling van die moeras
deur die eeue in ons sange,
toesang en teensange
op Hom die groot hosannas.

Dit is duidelik dat die beeld van die paddas die vorm is waaronder die konsepsie verskyn en poëties verwesenlik word; die gedig dryf as 't ware op die beeld; die gedig is die beeld - tog tree hy ook buite homself deur die smal uitvalspoort van die implisiete vergelyking : met die paddas, die tortels van die modder (beeld binne 'n beeld !) word bedoel die digters, soos duidelik spreek uit die volgehoue ontginning van die beeld; ook deur 'n woord soos „berym" (strofe 4). Ons het hier nooit te doen met 'n eksplisiete toepassing van die beeld nie : die digter wend hier die tegniek van die „laag"-gedig aan om 'n dieper betekenis aan sy beeldaanwending te verleen. Volgens Vestdijk se woorde [4] lê dit voor die hand „dat men de ‚sens superposés', de meervoudige betekenissen, het veelvuldigst zal aantreffen in gedichten met wijsgerige inhoud en sterk beeldende vorm..."

Ons begryp dat ons in die geval van Paddas te make het met die verskynsel wat Vestdijk [5] karakteriseer deur te sê „dat het gedicht zich met zichzelf bezighoudt .... De dichter houdt zich in deze gevallen niet met zichzelf als persoon bezig, maar met zijn dichterlijke functie, zoals die in het

schrijven,/

schrijven, of ook het concipiëren en overpeinzen, critisch schiften en construeren van het vers tot uiting komt. Daar dit vers, waarin de dichterlijke functie blijk van haar werkzaamheid geeft, uiteraard precies hetzelfde is als het vers waarin de dichter zich met die functie bespiegelend bezighoudt, kon ik met enig recht zeggen, dat het vers zich met zichzelf bezighoudt. Ik heb dit soort poëzie functionele poëzie genoemd,- een naam die in dit verband aan duidelijkheid weinig te wensen overlaat."

In hierdie „funksionele" gedig, Paddas, vind ons 'n besinning op die heel besondere taak van die digter soos Opperman dit sien. Die digters voel die werking van Gods gees, hulle hervat „die onvoltooide groot gesprek"; die digters is nie alleen die wakendes, die bewakers nie, hulle „berym", „uit die slym berg en ster". Hulle skep die werklikheid in hulle poësie om, „verlos" so die sin, die ewige betekenis, die goddelike daarin. Daarom sing hulle die groot lofsang op God deur die eeue heen.

In hierdie gedig word benewens die verwoording van die besondere omskeppings- en „verlossings"-funksie van die digter, die woord „verlos" self gebruik, hoewel in 'n ander sin en sekundêr in die konsepsie van die gedig: nie die digter verlos nie maar Farao, deurdat die paddas hulle opdrag vervul deur as plaag op te tree :

„Spring uit elke sloot en kreupelbos
in kombuis, in room,
in elke bed, in elke droom
tot Farao My gevange volk verlos."

Vanaf/

Vanaf Opperman se eerste bundel kom 'n mens die woorde „verlos" en „verlossing" teë , telkens in 'n gewysigde maar tog verwante betekenisverband,nl. dié van bevryding van die goddelike uit die stoflike. Hoewel in die vroeëre poësie ook 'n enkele maal aantoonbaar, is dit egter eers in ENGEL UIT DIE KLIP dat Opperman hierdie bevrydingstaak van die geestelik-bewuste mens spesifiek toepas op die digter. Daar word dus 'n noue verband gelê tussen die verlossingsmotief en die besinning op die digtertaak, die kunsteoretiese bemoeiing met die wese van die poësie, soos ook blyk uit Paddas.

„Inhoud" en „vorm" is in die poësie nie te skei nie : die gedig spreek,eintlik demonstreer, deur die sinvolle seleksie en ordening, herorganisasie, 'n strukturering deur die kunstenaar van sy materiaal (taal en stofgegewe), of hoe 'n mens dit ook al wil noem. 'n Sistematiese ondersoek van die verlossingsgedagte in Opperman se digkuns dwing die ondersoeker egter om hom eerstens rekenskap te gee van dié motief soos deur die gedigte uitgespreek, en tweedens om na te gaan hoe hierdie verlossingsmotief in die gedigte self poëties gerealiseer word.

In die eerste afdeling van hierdie studie word getrag om die groei van die verlossingsgedagte in betekenisinhoud en draagwydte aan te toon soos dit in die agtereenvolgende digwerke tot openbaring kom.

In die tweede afdeling probeer ek aantoon hoe die verlossingsgedagte nie net deur die gedig uitgespreek word nie, maar in der daad ook deur die gedig gedemonstreer word. In hierdie verband word daar op

drie/

drie aspekte van Opperman se verskuns gewys, t.w. die aanwending van die laaggedig, die integrasie van die „oerteks" en die gebruik van die gewone woord.

Hoewel daar ook nog ander struktuurmiddele in Opperman se poësie is wat bestudeer kan word, soos maat, strofebou, klank, rym, alliterasie, bepaal ek my tot die genoemde drie aspekte van sy verskuns, omdat hulle m.i. en soos ek in hierdie verhandeling sal probeer aantoon, tot die wesenlikste aspekte van Opperman se poësie behoort en ten nouste saamhang met die verlossingsmotief. Binne die raamwerk van hierdie studie word Opperman se verskuns deur die nagaan van hierdie drie aspekte genoegsaam gekarakteriseer, en daarbenewens het ek dit nodig gevind om in die behandeling van Opperman se aanwending van die gewone woord ook aandag te gee aan die klank-ritmiese funksionering van die woord en die beeldgebruik.

Al drie, die aanwending van die laaggedig, die integrasie van die „oerteks" en die gebruik van die gewone woord, word middele in die hand van hierdie verskunstenaar om die verlossingstaak van die digter soos deur hom opgevat, poëties te verwesenlik.

# LYS VAN AANGEHAALDE WERKE +

1. T.S.Eliot : Hamlet in Selected essays, bl.145.

2. S. Vestdijk : De glanzende kiemcel, o.a. bl. 33, 210, 229.

3. Vgl. Brooks & Warren : Understanding poetry, o.a. bl. 182, 380.

4. S. Vestdijk : t.a.p. bl. 226.

5. S. Vestdijk : t.a.p. bl. 213.

---

+ Die volledige titel, tesame met die naam van die skrywer, sowel as die plek en datum van uitgawe van alle aangehaalde werke kom voor in die LYS VAN AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE WERKE aan die einde van die proefskrif.

# A F D E L I N G 1

## D I E   V E R L O S S I N G S M O T I E F

„Ek is geen spieël, ek haal vanuit die stryd
die binnebeeld .. die waarheid uit die werklikheid!"

(Vergelegen)

## 1. HEILIGE BEESTE[1)]

Soos in die titelgedig ten duidelikste te kenne gegee word, gaan dit in Opperman se eerstelingbundel om die besinning van die digter op die problematiek van sy verhouding tot die stoflike wêreld waarin hy lewe, tot sy medeskepsel met wie hy in die intiemste betrekking staan : die vrou, en tot God :

> die aardse, die vrou en die Groot-Groot- Gees
> oor die kraal tussen kiepersol en klip.
>
> (Heilige beeste)

'n Basiese teenstelling, spanning, word hier aangekondig : dié tussen skepsel en skepping enersyds en Skepper andersyds. In hierdie lig moet die eerste gedig (bl.4) van die eerste afdeling gedigte in die bundel gelees word waarin die digter hom rekenskap gee van hierdie verhouding tussen God en skepping en van sy plek en taak in die skepping.

KONTRAK

> U het die wêreld oopgeskiet
> tot grot en gramadoela;
>
> toe die blaar en riet,
> U arbeiders, gestuur; wortels
> wat nederig werk, die mier
> wat stokkies dra
> en beitelpunt van die rivier.
>
> U droom met dinamiet
> en laat aan arbeiders
> die besonderhede en verdriet.

Dit word al dadelik duidelik dat ons by hierdie kunstenaar nie te doen het met die regstreekse belydenis nie, maar hy ag dit sy taak as kunstenaar „om die ondervinding agter 'n gestalte te ‚conceal', Yeates se ‚mask' en Nijhoff se ‚fluitjie' te gebruik" [2]/

gebruik"(2.

God, wat Opperman in die titelgedig die Groot-Groot-Gees noem, word in die pasaangehaalde gedig gesien as die Kontrakteur wat saam met die ander skepsele, „arbeiders", ook die mens in sy Werksplan betrek, soos gesuggereer deur die woord „verdriet" en die gedigte wat op hierdie een volg. As skepsel van God bevind die mens hom voor die voldonge feit van die „kontrak" : dit is die taak van die mens om saam met sy medeskepsele aan die skepping te arbei om die Groot Plan te voltooi - die „droom met dinamiet" te verwesenlik in sy besonderhede, en verdriet. In die skeppingsbestel van God het die mens 'n taak wat hy as roeping, of noodlot, moet aanvaar, sy dit met bitterheid, soos in die slotreëls van die gedig uitgespreek.

'n Heel besondere manifestasie van die „aardse" is die stad, en in die gedigte wat op Kontrak volg, besin die digter hom op die verhouding van die mens, en van hom as een van dié mense, tot die stad. In die gedig Sarkofaag (bl. 5) word die stad gesien as die sarkofaag, die groot klipgraf van die menslike gees. Met huiwering kyk die klerke vanuit „klein vensters van die stad" na die gat wat in die berg gegrawe word deur die honderde bandiete, gevangenes, arbeiders, as na 'n afspieëling van hul lot. Binne die konteks van hierdie gedigtereeks word die klerke tipe van die mens in die grootstad; en sou 'n mens die woord „klerke" nie ook kan lees nie met die bybetekenis van sy oorspronklike benoemingsfunksie : skrywer, geestelike ? Dit is die geesteslewe wat

deur/

deur die stadsbestaan bedreig word. (In sommige van Opperman se latere verse sou 'n mens die „klerk" kon herken in die „scriba", hy wat die dinge van hierdie aarde moet beskryf, opteken - soos ook Jorik en Koen - beeld van die digter.)

Hierdie huiwering voor die omringende werklikheid word nog meer : 'n beklemmende angs wanneer die stad ervaar word as 'n lewende bedreiging, 'n monster wat die mens kan vernietig. Gesien soos in 'n surrealistiese skildery, 'n angsvisioen, beeld die digter die stad uit in die felle gedig, Stad in die mis(bl.7):

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip 'n dier
onder wit duisternis;
ek hoor hom knor en in oop mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal;
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal.

Hierdie toestand van ontreddering, die verslawing van die mens - en die digter vereenselwig hom steeds met dié mense — in die realiteit van die stad, word verder beklemtoon deur die beeld van die versufte, geestelik verdofte mensdom as 'n „moeë duisendpoot" wat hom om vyfuur smiddags na die dag se arbeid in die stad terugtrek in sy eie duistere bestaan. (Vyfuur, bl. 8)

Geen wonder nie dat daar uit hierdie siellose bestaan uitvlug gesoek word, dat die vrees die hoof gebied word :

Saans in die stad as elke siel so pyn,
word dit aan Mefistofeles beloof
as hy ons net jong vrouens of ou wyn
wil gee om ons 'n rukkie te verdoof.

(Stadsnag, bl.6)

Maar /

Maar in hierdie uitkoms wat die stad self kan bied, word „alle stryd net uitgestel".

In so 'n mate is die digter lotsgebonde aan die stad dat selfs temidde van die ongerepte natuurlandskap, sy „hart broei oor die stad : glas, sink, beton" (Vakansiebrief, bl.9).

By die gedagte van „die besonderhede en verdriet" wat aan die „arbeiders" oorgelaat word, sluit aan die kwatrynreeks Stelsel (bl.11), bv. Hael :

> Wat baat gebede, arbeid en gesaai
> waar groter stelsels oor die enkeling draai?
> My goedversorgde koringland word deur
> die wit koeëls van 'n hemel afgemaai.

So ook Kronieke, (bl.15) grepe uit die bittere geskiedenis van 'n volk : vernedering, wraak (Witvlag, Kinders van vyande), die ekonomiese verknegting van die volk in die stede (Broei), die strewe na opheffing en herstel van ou regte (Rooidag, Massa), die hele nasionale toekomsverwagting :

> Wat kan ons anders doen, o God,
> want in ons is daar ook 'n stuwing tot
> vrywees en 'n eergevoel ? Wat anders
> na die vernedering en spot ?
> (Gebed)

Selfs by die vreugdevolle hergeboorte van 'n volk (Bloedrivier, 1938; bl.18) ervaar die digter ook die verdriet :

> En eenkant teen 'n helling peins
> 'n Zoeloe
> oor 'n ryk reeds lank verlore.

'n Ander aspek van die aardse as die stad wat in hierdie eerste afdeling gedigte op die voorgrond tree, is die landelike lewe, die natuur, soos in Boer(bl.14) en die pragtige natuurmite, Reën in die Bosveld(bl.10) waarin die element van verdriet en bitterheid afwesig is :

Lang /

Lang maande lê die reënboog
in 'n miershoopgat gekrul,
blink en nat soos 'n voël se oog.

En winternagte as die steenuil fluit,
blaas 'n wit os op die rivier
dik mis teen riete en die walle uit.

Maar een middag bulk hy in die poort, swaai boos
sy horings oor die klowe,
en uit 'n miershoop vlieg die voël omhoog.

X X X X

In die tweede afdeling van die bundel gee die digter hom rekenskap van sy verhouding tot die vrou wat hom „van 'n voorgevoelde ondergang sal red", aan hom „'n skoner drif sal gee", hom „na die stilte van gedagte" laat keer (Bede, bl. 21) Dis liefdespoësie waarin 'n sterk drang na menslike gemeenskap leef. Hy verlang nie net na haar nie (Voorwinter, bl.25; Verlange, bl. 27) maar soek ook na sy beeld in haar:

Ek is die grys skrik
wat soek tussen biesie en klip
na water, soek na my beeld in jou
met die trillende spel tussen vlug
en skielike self-aanskou.

(Naaldekoker, bl.22)

So bly in sy denke dan, soos in die verse van Hooft, verskole

... onder die vorm, deursigtig soms soos glas,
onder die wind-bewoë waters deur
altyd die sku gestalte van 'n vrou.

(Hooft, bl.26)

Sonder spanning is die verhouding tot die geliefde ook nie, want ten spyte van die diep-innerlike verbondenheid

.. maar in onbewuste dieptes êrens ....
êrens is ons aan mekaar nog vas.

(Eilandgroep, bl.28)

is daar tog ook 'n geestelike geskeidenheid :

.. maar tussen my en jou ruis altyd nog
riviere, stiltes en afgronde. (Twee stede, bl.34)

Hierdie /

Hierdie geskeidenheid word veroorsaak deur 'n sekere insigselfgeslotenheid van die man, 'n selfgenoegsaamheid (<u>Echo en Narcissus</u>, bl.36) en omdat elkeen „in harde vorms vasgevang" word.(<u>Daphne en Apollo</u>,bl. 37)

So word die vrou vir hom 'n vernuwingsbron (<u>Phoenix</u>, bl. 38) en 'n rus in die onherbergsaamheid, spanning en leed van die lewe (<u>Donkerlied</u>, bl. 39); ook <u>Nagbloei</u> (bl. 40) :

.. 'n wedersydse wete dat verby
die grense wat die kleiner geeste skei,
verby die klaging en die ou verdriete
van die aarde, soos winde in die riete
langs vergete waters, verby die dinge
bevange in die aardse sluimeringe,
die dinge wat vermoei en wat verniel,
is hierdie hoë rus van siel in siel.

Haar liefde gee ook sin en betekenis aan sy arbeid en hele aardse bestaan :

..sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my
en val die geil reëns van die berge sonder doel.
(<u>Dank</u>, bl. 33)

Sy is „die ovale kalmte waarteen (sy) onrus breek." (<u>Slapende vrou</u>, bl. 31).

Van belang is verder dat dit die vrou is wat hom „na die verlore vrede" laat terugkeer, hom lei na die „stil en afgeslote ryk" waar hy God in die skeppingsdinge ervaar :

.. ek sien hoe God hier kalmer vorm kry
en deur die bessies en die orgidee
en oë van die visse na my kyk.
(<u>Wandeling</u>, bl. 29).

Dit/

Dit is die eerste teken + van die Godskonsepsie wat in die vierde afdeling van die bundel tevoorskyn tree : die transendente God, „die Groot-Groot-Gees óór die kraal tussen kiepersol en klip" wat as die Groot Kontrakteur die mens verbind tot arbeid aan en binne die skepping, ervaar die digter ook as die tegelyk immanente God wat self in Sy skepping aanwesig is.

X X X X

Onherroeplik en onlosmaakbaar verbonde aan die skone aardse en die vrou, sy „herte met luste gevaen" (bl. 44), moet die digter sy verhouding tot God bepaal, God probeer peil, verseker word van 'n vaste waarheid : „suiwer U vind verby my leed en liefde", sodat sy gees „ontkommerd van die stof" kan wees. Maar dit bly 'n worsteling, 'n soeke en wagte, omdat hy so vasgevang sit in die aardse :

---

+ Met „eerste teken" word bedoel eerste aanduiding volgens die volgorde waarin die gedigte in hierdie bundel afgedruk is. Dat die gedigte kennelik nie in hierdie volgorde geskryf is nie maar later deur die digter in die verskillende afdelings ingedeel is, vermoed ek op grond van die verskil in toonaard en gehalte. Die gedigte in Boek 11, afgesien van enkele uitsonderinge (bv. Naaldekoker, bl. 22) is van 'n heel ander toonaard, glad nie so strak en essensieel as dié in Boek 1 nie.

So ook is daar 'n wesensverskil tussen die nog romantiese liefde vir die aardse in Kind van die aarde (bl. 48) en Gestorwene (bl. 51), om slegs twee uit Boek 111 te noem, en die, wat 'n mens kan noem, besetenheid met die aardse, die volkome vereenselwiging daarmee, die opgaan daarin van Vakansiebrief (bl. 9).

.... my /

.. my hart
met al sy aardse beelde, bly
in verbeide verstard.

(Stasie, bl. 46)

Met beeld na beeld bely die digter hierdie aardgebondenheid : soos „die see in die nag" bly hy soos „die gekettingde dier met sy honger na some sand en rots en wildepiesangbome" begeer na die aarde. Hy is kragtens lotsbestemming 'n „kind van die aarde" wat ten spyte van „verdrukking en die pyn" die „aarde, see en die sonskyn" so lief het dat hy selfs in die na-aardse bestaan, „in hemele", 'n gevangene sal wees, ewig verbonde aan dié dinge — die dood selfs kan hom van die aardse nie volkome losmaak nie :

.. maar in die krampgreep van sy vingers was
die laaste tart : groen, afgeskeurde gras.

(Kind van die aarde, bl. 48)

Van hierdie verstrengeldheid van sy gees met die aardse, beklemtoon deur die voorstelling as sou dié toestand selfs in die na-doodse bestaan voortduur, word die Bybelse Absolom beeld :

In na-doodnagte roer sy lippe
roepend en verstar
tussen hemel en die klippe,
met sy denke in die takke
van 'n afgestorwe wêreld
nog verwar.

(Absolom, bl. 49)

So ook voel die gestorwe mynwerkers in Na die myninstorting (bl. 50) wat as arbeiders slegs 'n kommervolle aardse bestaan geken het sonder die vreugde in die aardse skoonheid, hulle nie tuis in die „vreemde glans" van God nadat hulle op gewelddadige en plotselinge wyse deur die doodsramp losgeruk is van die aarde en in Gods ewigheid verplaas

is /

is nie.

Nog dringender word hierdie aardgebondenheid verbeeld in die gedig Gestorwene (bl. 51), waarin die gees van die gestorwene wat terugdwing na die „verlore mooie plekke" van die aarde, gesien word as 'n tiermot van die duisternis wat deur die aarde asof deur 'n geheime vlam uit die oerwoude van die doodsnag gelok word. Slegs twee „openinge" vind dié tiermot in „die harde mure en bedekte ruit", t.w. om vir 'n oomblik deur die oë van Tonjenani die landelike natuurskoon te aanskou, en deur die oë van die grysaard die stad :

. . met nat teerstrate waar 'n duisend skoene haas
in alle rigtings na die slapende masjien
nog voor die beuel om sewe-uur sy wit veer
blaas; . .
(Gestorwene, bl. 52)

'n Basiese spanning : aarde - God, stof - gees, tyd - ewigheid lê hierdie verse ten grondslag. En die raakpunt van hierdie twee uiterstes is in die mens wat hierdie tweeledigheid in hom dra. Sterk dramaties, balladesk, word dié spanning verwoord in Nagskip langs Afrika (bl. 53) :

In hierdie skriklike na-doodnag
weet ek my trots was jeug, my wil was waan,
U het my uitgeborste seil, my vlag
gedruk tot waterborrels op 'n oseaan;
en onder U wind en weerlig gly
net stukke rots of 'n kaap verby.
O God ! verlos my van die teruggevaarde
skip, van my bemanning en hul hunkering na
die aarde.

Die klein epos, Shaka (bl. 55), is 'n breër-uitgewerkte variasie op die grondtema van die gedigte in hierdie afdeling van die bundel. Shaka, gebore uit hartstog „buite huwelik en wet", aards en primitief-bruut, wreek hom op gewelddadige wyse

op/

op sy vroeëre vernederaars, versamel mag, word in sy eie oë 'n soort gesel Gods en bly juis in die uitvoering van sy gewaande Godgegewe taak so aards:

> .. Hy moet
> die vegter bly teen stamme op die aarde,
> vir gees na gees tot by Unkulunkulu
> wat die sterre en die riet geskape het
> en uit die riet die mens; Sy taak voltooi,
> eenkant gaan woon, geslote en alleen.
> (bl. 69)

In hierdie tweespalt : Godgerigtheid - aardgebondenheid lê die tragiek van Shaka : deur die aardse magte van geweld en wraak wat hy geskep en gebruik, misbruik het in die uitvoering van sy onmenslike taak,word hy vernietig :

> ... In sy rug steek
> 'n assegaai, nog een, drie asgaaie
> deur sy lyf : „Kinders van my vader..."
> toe sak hy neer; die lyk het deur die nag
> nog so bly lê en is die oggend in
> 'n koringgat met klippe toegegooi.
> (bl. 72).

X X X X

Teenoor die gedagte van die aardgebondenheid van die mens selfs in die na-doodse bestaan, vind 'n mens in <u>Nagedagtenis aan my vader</u> (bl. 74) die konsepsie van die vergeesteliking van die stoflike: die skone aardse dinge wat deur die mens „toegang tot die hemel vind":

> So kon ek dink dat na die siekte
> jy moeg van die liggaam, in die diepte
> van die aarde eers 'n rukkie rus; vermoed
> toe ek die bonte kransie links neerlê, sy gloed
> sal in jou bly; jou hart is 'n palet
> en jy sou verf wat jy verower het :
> blou-brokkelrig uit donker krans en kolk,
> die Drakensberge bo wit banke wolk;
> so sou die stapelwerk van klippe, vasgebind
> deur worteltoue, toegang tot die hemel vind.

Die digter ervaar God nie alleen as aanwesig in die skepping nie (vgl. <u>Wandeling</u>, bl. 29), maar

wel/

wel kreatief-ewolusionêr immanent in die aardse en die mens :

> Gis siel na siel ook so
> vanaf U donker wese los
> om aarde tydelik te du tot my,
> tot Zoeloe, tarentaal en vingerpol?
> Maar met die terugsteier van klei in klei
> breek U suiwerder ooit los ?
>
> (Borrel, bl. 77)

Hierdie aanwesigheid van God in die skeppingsdinge gee sin aan die skynbare teenstrydighede in die skepping, vorm die „verbond" tussen die skepsele; meer nog : die digter ervaar God ook in homself en voel hom daarom ook verbind aan die ganse skepping, één met „... die velde, kranse, elke kruid, die wolke en die boom wat drup met gom." (In die landskap, bl. 80). Dié panteïsties-kreatief-ewolusionêre God gee meteen sin aan die hele skepping; ook aan die digter se eie bestaan :

> Hy leef alleen wat saam met God kan droom,
> die wolk-wit visioene wat Hy het,
> aanvoel bo wind en windvernielde boom
> en onverskillighede van die wet
> waar Hy verdeeld saam met die visse gaan
> en met die blou visvanger langs die stroom,
> want in verdeling en die pyn bestaan
> Sy worsteling na 'n volmaakter droom.
>
> (In die landskap, bl.81)

Omdat God immanent worstel na volmaaktheid en volkomenheid in en deur die skepping (3 — 'n proses wat met pyn en stryd vir die skepsele gepaard gaan — kry die digter klaarheid oor sy eie geroepenheid en taak :

> Toe die dassie huil onder die daeraad
> het ek verskrik die skuiling by die kruis verlaat,
> terug na U, o God, wat onvermoeid tot selfvolmaking
> deur gestaltes van die aarde wring,
> deur die geslote sluimer van die ysterklip, die tas
> in trae ranke van die wildedruif, die slu-gekaste
> oë van die mamba; terug om in alleengeveg
> volgens my sterkte U verlossing te besleg.

Toe/

Toe die dassie huil moes ek Sy kruis verlaat
want teenoor U was dit my lang verraad.
(Dertiende dissipel, bl.79)

Dit is juis die aardse lyde en pyn („Toe die dassie huil .....") wat die digter tot die besef skok dat die blote aanvaarding van die Christelike leer („...die skuiling by die kruis..") eintlik verraad is teenoor God, dat hy God moet ervaar as panteïsties-kreatief-ewolusionêr immanent in die skepping en dat hy 'n eie taak het : „volgens (sy) sterkte" moet hy God se „verlossing" besleg : God bevry uit die stoflike, die selfvolmakingsproses van God aanhelp.

Die woord „verlossing" in hierdie gedig moet nie in 'n Christelike sin verstaan word as „verlossing van sonde" nie, maar wel as die bevryding van Gods gees uit die stoflike. Dit is die begin van die verlossingsgedagte wat 'n mens in NEGESTER OOR NINEVÉ en ENGEL UIT DIE KLIP, telkens in 'n heel besondere sin, aantref.

Hoewel Dertiende dissipel in die eerste plek 'n religieus-metafisiese gedig is waarin dit gaan oor die kreatiewe werksaamheid van die gees, dui die feit dat Opperman hom in hierdie reeks gedigte besin op die „verlossende" skeppingsaktiwiteit van die kunstenaars William Blake en Vincent van Gogh daarop, net soos „my sterkte", dat hy met die verlossingstaak in Dertiende dissipel ook 'n heel besondere verlossingstaak impliseer: dié van die kunstenaar, die digter. As „dertiende dissipel" moet hy deur sy digterwoord die bevryding van die goddelike uit die aardse bewerkstellig.

In/

In die gedig oor Vincent van Gogh (bl. 83) gee Opperman 'n eie siening van hierdie ekspressionistiese skilder. As sosiale hervormer het Van Gogh vergeefs geveg teen die ellende en onreg wat die mynwerkers, arbeiders en ander misdeeldes moes verduur, het hy slegs „die pyn en skriklike stryd van God leer ken, wat mens en boom verknot in Sy kramptrekke."

Maar as kunstenaar, as skilder, kon Van Gogh hierdie aardse dinge, onskoon en vol leed, omskep tot skoonheid, bo-tydelik en bo-stoflik. Toe is God se „hartstog eers in (hom) volbring toe hy, die kunstenaar Vincent van Gogh, volgens sy eie sterkte die geestelike uit die materie bevry het. Hoewel in kreatief-ewolusionêre sin, is hier reeds elementêr aanwesig die verlossingsgedagte — die bevryding van die goddelike uit die aardse deur die skeppingsaktiwiteit van die kunstenaar — wat die leitmotiv in die bundel ENGEL UIT DIE KLIP vorm.

Hier is dus 'n duidelike groeiteken in die rigting van die latere verlossingsgedagte.

Soos die visioenêre digter William Blake besef Opperman dat God in iedereen en alles is. Hoewel God selfs skynbaar teenstrydiglik aanwesig is in die nederigste skeppingsdinge, is Hy ook die hoogste skoonheid en die drif daarna :

> ... dat Hy die hartstog is, maar ook die vuur
> wat alles lok tot daardie gulde gang
> waarna die moeë sonneblom verlang.
>
> (William Blake, bl.84)

Ook deur skoonheidskepping gaan die ewolusieproses voort. Ons het hier belangrike aanduidings van die

heel /

heel besondere verlossingsgedagte, die bevryding van die goddelike uit die stoflike, wat in Opperman se latere verse so sterk spreek. Dit is hier as 't ware nog afsonderlike kerne wat later tot 'n eenheid groei : die konsepsie van die goddelike in die skeppingsdinge en die siening van die taak van die kunstenaar om die aktualiteit tot kuns om te skep, die onskone tot die skone, die tydelike tot die ewige, die stoflike tot die ewige; om die goddelike, die geestelike uit die aardse te verwek. Deur hierdie bevryding van die goddelike, die vertolking daarvan in die kunsskepping, volbring die kunstenaar as „dertiende dissipel" sy roeping :

........................om in alleengeveg
volgens my sterkte U verlossing te besleg.

Is die volvoering van hierdie besondere taak nie ook inbeslote in die „enkel dinge ... van hoë waarde" waarvan daar in die kwatryn Kunstenaars (bl. 87) gewag gemaak word nie ?

Ons is die taaie en die stil-bedaarde
adel van die akker wat die aarde
skoner skoffel; kluite, dade fyner slaan
en enkel dinge eis van hoë waarde.

En is dit nie van die omgeskepte werklikheidsdinge tot skoonheid in die kunswerk — ook in die gedig — waarvan daar sprake is in Water-engel(bl.82)nie? „Uit 'n afgestorwe wêreld" leef die dinge getransformeerd in die kunswerk : „soos 'n sprietjie mos gevange in deursigtige agaat" — 'n beeld wat verband hou met andere wat slaan op die kunswerk, die gedig: „mot in barnsteen" ens. soos in die hoofstuk oor die laaggedig aangetoon. „Alles aards" word in die gedig

omgeskep, /

omgeskep, bestendig „bokant die eerste skepping, grootser en wisselend in eie hemele .."

Deur die besinning op sy verhouding tot „die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees" vorm Opperman die besondere Godskonsepsie soos in die vierde deel van die bundel verwoord, en gevolglik vind 'n mens dan ook enkele gedigte waarin hy hom dienooreenkomstig rekenskap gee van die roeping en taak van die kunstenaar, al is dit nog net aanduidings. In sy latere bundels word hierdie opvatting van die „verlossingstaak" van die mens, van die kunstenaar in besonder, sterker uitgebou.

## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

1. Tweede druk, Kaapstad 1947.

2. Kuns is boos !, Standpunte Jg. V111 Nr. 2, bl. 47.

3. Vgl. M.S. du Buson: Die goddelike pool in die kontrapuntiek mens-God in die Afrikaanse letterkunde, in Die kunstenaar en die samelewing, uitgawe van Die Afrikaanse Skrywerskring, Pretoria 1958.

## 2. NEGESTER OOR NINEVÉ (1.

In gevarieerde vorm keer die grondtema van HEILIGE BEESTE in Opperman se tweede bundel terug: die teenstelling aards-geestelik word reeds in die titel van die bundel gesuggereer : Negester, simbool van vrugbaarheid, voortplanting (die getal nege) en van goddelike roeping en genade (ster) teenoor Ninevé, simbool van die sondige, materialistiese grootstad, die aardse.

Tewens suggereer die naam Ninevé met sy Bybelse konnotasie 'n dreigende oordeel oor die stad en die goddelike roeping van en opdrag aan die geestelik-lewende mens om berou te predik, die geestelike te red van ondergang in die stoflike.

Die hooftema van die bundel is egter die roeping van die mens om sy geslag voort te plant en op dié wyse God uit die skepping te „verlos", die kreatiewe ewolusieproses te bevorder.

Die gedigte bestryk tematologies 'n enger terrein as dié in die voorafgaande bundel : Opperman besin hom op die geboorte van sy kind temidde van die grootstadbeskawing en word hom so van sy roeping as mens bewus. Maar hierdie rekenskap, hierdie besinning, verskerp ook sy insig in sy taak as kunstenaar, en daar is blyke van 'n groeiende en al duideliker omlynde opvatting van die digtertaak.

Die bewussyn van sy taak as mens om sy geslag voort te plant, spreek uit die eerste gedig in die bundel : Na 'n besoek aan die dieretuin (bl.1) :

> Twee kraaie het hul nes gemaak
> van stukkies draad;

en /

en in staalkoue
ver van riete en riviere afgesluit
broei rooivinke en wildepoue
nog hul eiers uit;

in ysterhokke
ver van rantjies en langgras
werp ape en die waterbokke
nog hul kleintjies af;

net in 'n enkelkamer ek en jy
van hulle vreugde afgeskei.

'n Duidelike analogie is daar vir die digter tussen die enkelkamerbestaan van hom en sy vrou en dié van die inwoners van die dieretuin : die kraaie wat hul nes van stukkies draad maak, die rooivinke en wildepoue in staalkoue, die ape en waterbokke in ysterhokke, met dié verskil dat die diere ten spyte van die abnormale en onnatuurlike lewensomstandighede nogtans kleintjies voortbring. Slegs hy en sy vrou as redelike wesens voel hulle van hierdie „vreugde" afgeskei, maar word duidelik ook deur die voorbeeld van die dieretuinbewoners bewus van hul roeping en taak om die skeppingsordonnansie van God te gehoorsaam.(2.

In die kort gediggie <u>Nagstorm oor die see</u> (bl.2) word die bevrugtingsdaad gesimboliseer :

Het die onrustige see hom verwag,
die groot grys voël van die berge
sku uit die nag ?

Sy silwerige vlerke het trillend verbree,
krysend sy nartjie-rooi snawel
gesteek in die see.

Toe styg hy op druppende vlerke en vlug
met hese gesang
na die berge terug.

Die milieu van die gedigte van hierdie bundel, die werklikheid waarin die digter hom bevind en waarin sy kind gebore sal word, die aardse pool van die teenstelling wat in die titel van die bundel aangedui word,

word/

word geteken in die gedig Grootstad (bl.3). Na aanleiding van Openbaring 17 word die moderne grootstad gesien as die groot hoer wat heerskappy voer oor die aarde :

> In glanse van die son se ondergang
> sien ek rooklokke van haar hare hang,
>
> sy wat die snoere van die straat se ligte
> bind om haar hals en smal gewrigte
>
> en met ons glimlag wat haar dien,
> agt uur in fabriek, masjien.

So word die stad gesien as sondig, onnatuurlik. Die geestelike waardes word hier opgeoffer : „die hoof van digter en profeet". Sterk leef by Opperman die bewussyn dat die grootstadsbestaan die dood inhou, veral 'n geestelike dood :

> ..voel ons tussen heupe van haar skoot
> smoor ons as saad kunsmatig dood ...

Die stadsbestaan beteken vir die mens 'n dubbele ondergang : biologies (Vgl. Na 'n besoek aan die dieretuin) maar ook geestelik. Vandaar die woorde : „eindbrand van die vure" wat die beeld van wêreldondergang in die gedagte roep, en die herhaling : „In glanse van die son se ondergang ...."

Met hierdie drie gedigte is die grondtema van die bundel aangedui : besinning op ouerskap in dié kunsmatige en sondige bestaan wat die aanleiding is tot die veel wyere konsepsies van hierdie bundel.

By die sterfbed van die ou man (Nagwaak by die ou man, bl. 4) wie se liggaam besig is om af te takel,

> ..stukke seilskip teen 'n kaap vergaan,
> waar ander strome aan die wrakhout roer
> en weg van wind-omwaaide rotse voer...

word die digter daarvan bewus dat die voorgeslagte in hom as nasaat van die ou man voortleef en dat hulle

nie/

nie 'n einde in hom mag vind nie. Uit die sterwende ou man het , „soos pluimsaad uit 'n ope skede kom", die seuns voortgekom wat om sy bed staan. So ook moet hý die lewe voortplant, want so groei God, wat in alle skeppingsdinge aanwesig is, tot selfverwesenliking :

„.......................jy moet geboorte gee
aan stringe kuile, kranse en die see
en so aan My; Ek is die skepping, roer
van poel tot poel, en wee die blinde moer!"

Prokreasie is vir hierdie digter 'n goddelike opdrag, 'n onontwykbare taak, want prokreasie beteken die kreatiewe ewolusie van die immanente,panteïstiese God wat so ook alle skeppingsdinge, insluitende die mens, met mekaar onlosmaakbaar verbind :

Was ek vanoggend aan die spruit se kant
dan spits kristal, verwarde waterplant,
die ooggat van 'n grot ? Uit hamerkop
hou ek bedags die troebel kuile dop,
is snags reikhalsend in elk onderdeel
van die heelal gevange, U geheel
wat dromend wissel uit die eerste poel
deur klip en varing na 'n verre doel.

(Nagwaak by die ou man, bl.6)

Deur dus die skeppingsordonnansie van God te gehoorsaam, word 'n „verlossing" bewerkstellig, 'n bevryding uit verstarring en eindigheid, 'n bevryding van stilstand van die voortgang, die Oerdrif (3. na die „verre doel". Ook wanneer sy eie liggaam tot **niet** gaan soos dié van die ou man voor hom, sal die voorgeslagte in sy kind bly voortleef :

.. en uit my sal die jongeling op die strand
hom vind voor bosse van 'n nuwe land
waaroor die wind nog waai, die weerlig vleg,
en teen die tier sal hy die stryd besleg
maar weet soos voorvaders met ruie baard
die streke van die gees bly ongekaart.

(Nagwaak by die ou man, bl. 7)

So ervaar hierdie digter dan sy taak as mens om temidde van die grootstadsbeskawing waarin die onguns-

tige/

tige toestande die voortplantingsmoontlikhede beperk en so die evoluerende gang van God versteur, dat hy die voortgang van die goddelike Stuwingsmag moet bewerkstellig deur prokreasie. So gee hy aan God geboorte, verwesenlik hy God in homself en groei God tot heerliker vorme : die kreatiewe ewolusie gaan dus voort. Opmerklik hier is die vereenselwiging met die natuur wat in Opperman se latere gedigte so'n belangrike rol speel.

Maar omdat „die streke van die gees ... ongekaart (bly)", sal die kind sy eie taak moet bepaal en verrig — soos hierdie digter as die van die mens se geestelike taak bewuste aanstaande vader die lewe moet peil, sy weg bepaal en waardes vind :

MAN MET FLITS

In die klein wit kol
van my wete stol

bruin en skerp 'n klip
soos 'n bok wat skrik,

staan, vinnig weghol
uit die klein wit kol.

Aan 'n takkie hang
twee ogies wat bang

uit die klein wit skyn
van my flits verdwyn.

Oor waters wat glip
soek ek klip na klip

maar 'n duister land
bedreig my alkant.

(bl.8)

Soos die man met behulp van sy flitslig in die donkerte moeisaam sy weg oor die drif met sy gevaarlike waters en min vastrapplekke moet vind, so sien Opperman ook sy poging om as mens en vader sy lewenskoers te bepaal temidde van die dreigende werklikheid

waarin/

waarin hy hom bevind, temidde van die beangstigende duisternis om die klein wit kol van die mens se bewuste wete heen.

Hoe dreigend, onherbergsaam en wrang dié werklikheid kan word, hoe hopeloos die stryd om 'n magiese toormiddel te vind om dié „wildernis" te besweer, word verwoord in Wildernis, (bl.9). Dié stryd lei tot toenemende eensaamheid, soos by Eugène Marais, wat selfmoord pleeg :

Watter boom se bitter wortel,
watter beentjie van die tortel

sal die hart teen bose gees
beskerm en van eensaamheid genees ?

sal die kranse en die wildepeer
tot sin en ewigheid besweer ?

Met die jare word die kamer
daagliks onherbergsamer

en buite kom 'n kilte
dieper uit die klip en stilte,

buite agter 'n miershoop lê
die maer lyk van Eugène Marais.

Die werklikheid, in besonder die grootstad, word nie slegs as 'n dreigende „duister land", 'n „wildernis" gesien nie, maar in sy kunsmatigheid en onnatuurlikheid as 'n „sirkus". In die gedig Sirkus (bl.10) groei Opperman se siening van die sirkus met sy nar wat „ons ouderwetse waardes verwar" en al sy strydighede met die natuurlike, tot simbool van die lewe waarvan ons 'n beeld kry in Grootstad, Ballade van die Grysland, Na 'n besoek aan die dieretuin e.a. gedigte. So moet leeus en tiers deur vuurhoepels spring, 'n olifant op 'n vat gehurk 'n mondfluitjie blaas, mense aan trapese swaai, 'n apie op 'n perd ry — alles in stryd met die skeppingsdoel en bestemming van dié

wesens,/

wesens, en tewens 'n beklemtoning van die holheid van die lewe wat sy roeping vergeet het :

> ... en ons lag
> en ons lag
> as sy pet al skuinser afsak.
>
> (Sirkus, bl.10)

Geen wonder nie dat hierdie digter, lotsgebonde aan hierdie lewe, hom ook mede-skuldig aan die sonde daarvan voel :

> .. my hart het van geboorte af gemoor
> en elke misdaad saam gepleeg.
>
> „Ek vra die hof nie wat die aanklag is
> met dag en datum van misdade;
> ek wag net op die vonnis
> en genade."
>
> (Beskuldigde, bl.11)

Nie alleen lê sy skuld diep nie, maar soos die man in die sonnet Pasiënt (bl.12) lê ook sy „kwaal" diep, ver buite die begrip van sy medemens — 'n diep-geestelike besef van die sondigheid en oppervlakkigheid van sy tyd :

> „Jou hart en niere, alles is gesond.
> Neem deel aan sport, besoek die bioskoop
> en elke jaar die Strand." Dus, van werk
> na kroeg, van vrou na werk sleep hy sy wond.

Seker die felste beeld van die „Ninevé" gee die digter in Ballade van die Grysland (bl.13). Met sy titel en motto ontleen aan Totius se epiese gedig TREKKERSWEE, roep hierdie ballade al dadelik die hele wêreld van die ouer gedig in die gedagte met sy uitbeelding van 'n volk se ondergang in die materialisme en die geprofeteerde voorwaardelike redding : God moet erken word. Korter, feller, dwingender word in Opperman se gedig die verknegting van die gees aan die stof verbeeld, die noodlottige poging tot verlossing daaruit op 'n ander vlak as die geestelike —

wat/

wat dus eintlik 'n skadubeeld oproep van die enigste verlossing soos hierdie digter dit sien.

Die singenot van die „paradys" (hoe ironies !)—

Uiteindelik valse syfers neergekrap,
kon ek uit vet van viskafees
na 'n paradys ontsnap. (bl.13) —

kan die stem van die gewete nie doodsmoor nie, en die vrees vir die rekenmeester word so oorweldigend dat dit tot geesteskrankheid lei. Dit trouens is die hoopvolle toon van die gedig, dat daar berou is, skuldbesef en vrees vir die rekenmeester wat hier uitgroei tot simbool van die Groot Rekenmeester wat rekenskap eis van sy skepsele se rentmeesterskap :

'n Knop het in my keel gekom
die oggend toe die peerboom
in die steenkoolerf wit blom.

O as die rekenmeester kom !
wat sal ek van sy wêreld
nog kan wys aan hom ? (bl.15)

Die teenstelling gees-stof, God- wêreld spreek dus baie duidelik uit hierdie gedig en sterker nog die gedigte van ondergang in die stoflike.

Op aangrypende wyse word hierdie ondergang van die mens verwoord in <u>Legende van die drenkelinge</u> bl.16). Hier het ons die uitbeelding op dramatiese wyse van die oordeel oor, die ondergang van die stofgebondenes en aardgerigtes.

.................. Maar die blink sens
van die golwe maai oor die rots
en alles bly stroming en donker geklots
van diep branders buite U Ark van Genade ..
en wat is die mens, en wat is sy dade
sonder U ? Hy spartel in seë, snik
in U branding, sink tot slik. (bl. 18)

Maar ten spyte van die ondergang en oordeel eindig ook hierdie gedig op hoopvolle toon : na die dood van die mens „buite U Ark van Genade", as aan Gods geregtigheid /

geregtigheid voldoen is, breek die reënboog van Sy genade deur :

Toe breek uit nastuiwende wolke hoog
en diep in die waters 'n groot reënboog.(bl.18)

In Mont-aux-Sources (bl.19) verantwoord die digter hierdie besinning op die lewe en die werklikheid en sy taak waarvan die gedigte blyke gee: hy word hiertoe gebring deur die wete van die kind wat op koms is. Na die vreugdevolle en onnadenkende eerste liefdeservaring bring die nuwe verantwoordelikheid en wete 'n verdieping :

Nou starend van die koue krans
voed een bron ons vergesigte —
'n hoër vreugde, dieper angs.

want „in haar lende slaap die apokaliptiese knaap" (Vrou, bl. 25) wat op sy tyd besitter sal word van die „Negester en stedelig se skitter" (Negester en stedelig, bl.26). Ook hierdie kind sal moet kies tussen die geestelike en die stoflike; hy word gebore tot 'n taak en verantwoordelikheid :

................ maar onthou altyd
aan jou dade grens 'n ewigheid;
gee sin aan voorgeslagte deur die eeue heen,
besef jy is 'n vegter weer van die begin,alleen;
en mag die Suiderkruis en Negesterre witter
as die stedeligte in jou siel bly skitter.(bl.27)

Van hierdie stryd om te kies tussen die geestelike en die aardse, om die doel van God en die taak van die geestelik-bewuste mens te begryp, kry ons 'n universele beeld deur Opperman se omskepping van die Bybelse gegewe van die versoekinge van Christus in die woestyn in Legende van die drie versoekinge (bl.20) :

Nou moet Hy van die dorpies hom bewus
afsonder waar die duiker en die das
weet dat die luiperd en die valk nooit rus,
om dag en nag te peins en bid en vas
totdat Sy duister hart suiwer die doel

in/

in grootse samehang met God : van wolk,
van lelie, tier en van die dorp, aanvoel
en met 'n daad vir alle eeue tolk.

Na die drie visioene en die versoekinge kry Hy helderheid : deur Sy kruisdood, 'n lydende aflegging van die aardse en 'n oorwinning van die geestelike oor die versoekinge van die aanloklike stoflike dinge, sou Hy die ewige sin in die skepping vertolk en God „verlos" :

Dan staan Hy op, verhelder en versterk:
vir God in hierdie skepping vasgevang
in mens en kiepersol en kiewietvlerk
sal Hy as voorbeeld aan die kruishout hang
en Hom verlos -- (bl.24)

So word die offerdood van Christus vir hierdie digter die ligtende voorbeeld van die oorwinning van die geestelike oor die stoflike, bring Hy 'n ewige boodskap vir alle tye en alle volkere en dui die wese van die mens se lewenstaak aan.

Hierdie bewussyn van roeping en verantwoordelikheid spreek ook uit die kwatrynreeks Almanak (bl.29), kernmomente uit die digter se belewenisse van vaderskap :

Waar alles eers verganklik was
wek jy tot beelde agter glas :
wit duif, groen blaar -- onder
'n stolp 'n skepping ewig vas.
(Gees, bl.40)

Wees vir jou kind : vuurtoring teen die hang,
die klokboei wat ruk-lui aan sy stang,
eentonig al sy dae die mishoring
-- genadetekens van die ondergang.
(Stormkaap, bl.43)

Hierby sluit aan Genesis (bl.45) : Spel, Grot en Ark. In laasgenoemde word die vrou gesien as bewaarder van die lewensbeginsel, die draer van die ewigheid deur die verganklikheid heen :

Koninkryke, /

Koninkryke, torings, plante, diere
sink tot die gewuif van wiere.
Het ons dan in 'n paradys gesondig
dat al die aardse net kortstondig
bloei en in die seë van 'n sondvloed
sak ? Sy dra van hom die gloed
dan en die God, van alles wat verlore
gaan, van ryk tot ryk die uitverkore —
en ruime van haar skoot
word ark oor waters van die dood.
En eindelik vir 'n ander ewigheid
voer haar siel oor die verganklikheid
van stede, see en die platane
'n klein nagwaak van nege mane.

(Ark, bl.52)

So dien die vrou die ewigheid, kom sy haar goddelike roeping na deur die lewensbeginsel voort te plant, bewerk sy op eiesoortige wyse 'n „verlossing" van God in die skepping — vgl. Nagwaak by die ou man :

„.............. Ek is die skepping, roer
van poel tot poel, en wee die blinde moer!"(bl.5)

Soos vir Jona van ouds is daar vir hierdie digter geen ontvlugting van sy godgegewe opdrag wat hy in die „grysland" moet vervul nie, en dit is juis die koms van die kind wat hom tot verantwoording roep, tot aanvaarding van sy taak en van God se genade :

En op 'n reënerige kus is ek een more
voor 'n God-erbarmde Nineve herbore.

(Jona, bl.56)

Hy is onontkombaar vasgevang binne die „grysland", binne die skepping :

En in die blou buik
van lug en berg gesluit,
groei ek in hom, gevange
in stad en nat myngange.

(Walvis, bl.57)

In sy kind word die lewensbeginsel voortgesit, die lewensbeginsel wat soos die feniks hom in elke geslag vernuwe, terwyl die vader self deel word van die geskiedenis, vernietig deur die vuur wat God self is — weer die gedagte van die kreatiewe ewolusie :

... en /

.. en tussen vlam en rook en vlam
moet ek, my kind, ook hierdie uur
'n God herken, vuur in die vuur.

(Vuur, bl.59)

So ook word die rooi voël (Rooi voël, wit voël; bl.60) sinnebeeldig van die natuurlike lewe wat met elke geboorte, elke nuwe geslag, voortgesit word — die kreatiewe lewensbeginsel wat in die laagste vorme begin het :

„Ek bou my nes met julle lywe
wat na die samebranding drywe
op die dwarrelwind; ek is vanmore
as kuiken weer met julle kind herbore.
Maar al het ek vroeër in moeras en modder
met snawel en gewebde voet geflodder,
as die mens hom en my stede-nes met vlam
uitroei, begin ek weer in skimmel en die swam".

En teenoor die rooi voël, die wit voël — die geestelike wat die aardse verewig en sin gee, en onmiskenbaar weer die verwysing na die offerdood van Christus waardeur die ewigheid van God in die tydgebonde skepping daaruit verlos is :

„Ek roer in ieder en gewilliglik vergaar
Ek stokkies vir die dood self bymekaar
en lê hul kruis en dwars, bereid
dat Ek moet sterwe vir Sy ewigheid.

„En magies is My dood, die geel
en groen van vlamme, geure pypkaneel
en naeltjies, 'n bedwelmende wete :
op die palm met die sewe krete
sterf Ek vir 'n wêreld — uit die gloed
en flikkering, die as en roet
van liggaam, stede en verlore -
gaan bo die verwaaide nes herbore." (bl.61)

Soos deur hierdie feniksbeeld van die verlossingsdood van Christus hierdie digter die heerskappy van die geestelike, die ewige, oor die stoflike en verbygaande aandui, so ook lê hy 'n geestelike betekenis in die soeke van die mens, in besonder die witman in Suid-Afrika, na die ou goudstad, Vigiti Magna :

„Graaf /

„Graaf uit die sand met stampergeruis
'n nasie se mosselbedekte klipkruis;
en sak dan maar dieper met die vermoede:
onder mynhope en onder die woede
van hierdie aarde loop êrens 'n skag na
'n ou goudstad, Vigiti Magna!"

(Vigiti Magna, bl.63)

Geprikkel deur die verantwoordelikheid van ouerskap, het die digter hom besin op sy verhouding tot die wêreld en tot God. Hierdie ervaring dat hy „dier en ding en plek na plek die aarde met (sy) kind moet herontdek" (Moederstad, bl. 64), veroorsaak die beklemmende besef dat die wêreld een „grysland" is,

.. word Hollywood, Moskou, Kaapstad,
almal voorstede van één stad,
en skielik uit my droom verskyn
die grys voorlopers van die groot woestyn.

(Moederstad)

Nieteenstaande die sondigheid van die materialistiese wêreld besef die digter egter ook dat solank die mens sy deur God opgelegde taak volbring, is die mens en die wêreld nog God se genade deelagtig :

„Solank die mens aan My geboorte gee
hang nog My Negester oor Ninevé."

(Moederstad)

Dan word Ninevé 'n Moederstad, die Grysland word Vigiti Magna, dan word God „verlos".

X X X X

Dit wek geen verwondering nie dat hierdie digter in sy besinning op sy verantwoordelikheid en taak as geestelik-bewuste mens, hom ook sal besin op die kunstenaarstaak, meer bepaald die digterskap.

Net soos in HEILIGE BEESTE (Vincent van Gogh, William Blake) vind 'n mens in hierdie bundel ook verwysing na die kunstenaar, in hierdie geval die Afrikaanse digter Eugène Marais, en wel in die

gediggie /

gediggie Wildernis (bl. 9) waarin die gedagte van die digter as besweerder van die werklikheid uitgespreek word :

Watter boom se bitter wortel,
watter beentjie van die tortel

sal die hart teen bose gees
beskerm en van eensaamheid genees ?

sal die kranse en die wildepeer
tot sin en ewigheid besweer ?

Die kunstenaarskap van hierdie weerloos vereensaamde is egter nie by magte om hom te red nie :

Met die jare word die kamer
daagliks onherbergsamer

en buite kom 'n kilte
dieper uit die klip en stilte,

buite agter 'n miershoop lê
die maer lyk van Eugène Marais.

Hierdie gedagte van die transformasie van die werklikheid in die kunswerk om dit so tot „sin en ewigheid" te „besweer," sou 'n mens ook kon naspeur in die gedig Digter, weliswaar die enigste gedig in hierdie bundel, en ook die eerste in **sy** oeuvre, waarin Opperman hom bepaald oor die digterskap uitspreek :

DIGTER

Ek is gevang
en met die stryd
êrens in die ewigheid
op 'n Ceylon verban

waar al my drange
na 'n verlore vaderland
my dag na dag geëiland
hou met horisonne en verlange,

en in die geel gloed van die kers
snags deur die smal poort
van die wonder elke woord
laat skik tot klein stellasies vers

wat groei tot boeg en mas
en takelwerk — en die uiteindelike
reis met die klein skip
geslote agter glas. (bl.28)

Dit/

Dit gaan hier in die eerste plek spesifiek oor die digter se vermoë tot kunsskepping, om „'n skippie in 'n fles te bou" en so aan sy ballingskap te ontkom, en dit bly wel 'n „reis met die klein skip geslote agter glas", 'n kamma-reis wat troos, maar 'n mens sou ook meer in die gedig kan lees : hoe die digter die werklikheid inbou in die gedig „deur die smal poort van die wonder" tot die gedig voltooi en afgerond is, „die klein skip geslote agter glas" - die werklikheid getransformeer, die aktualiteit verewig tot kuns, onaantasbaar verduursaam.

Wanneer die kunstenaar so sy fyn en noukeurige taak volbring om kragtens sy digtergawe en -werksaamheid die „graan des levens" om te stook tot „jenever der poëzie"(4., dan is die sin van die werklikheidsdinge, die „waarheid in die werklikheid", die „logos", die „goddelikheid"(5. daarvan afleesbaar. Op hierdie wyse volvoer die woordkunstenaar sy taak, en ook so word „God in hierdie skepping vasgevang" (Legende van die drie versoekinge), „verlos".

In hierdie verband laat dr. A.P.Grové hom soos volg uit oor die kwatryn Gees (bl.40) :

Waar alles eers verganklik was
wek jy tot beelde agter glas :
wit duif, groen blaar - onder
'n stolp 'n skepping ewig vas.

„Die gedig ..... het dan ook in die eerste plek 'n suiwer biologiese verklaring : duif en blaar word simbole van 'n lewe wat deur die skeppende Gees gewek is en nog prenataal bestaan. Hiermee kom 'n mens vanself by die tweede betekenislaag waar die titel slaan op die skeppende gees van die kunstenaar wat onder die stolp van die gedig aan die verganklike

aardse /

aardse dinge 'n onverwoesbare karakter gee. Maar die glasstolp is ook grafversiering sodat duif en blaar verbondstekens word, simbole van die groot belofte dat die lewe eenmaal uit die verganklikheid sal opstaan -- Kyk, Ek maak alles nuut."(6.

Hoewel hierdie gediggie nie in die eerste plek die betekenislaag van besinning op kunsskepping het nie, blyk dit uit hierdie bundel dat naas die leitmotiv van die bundel : die geroepenheid tot en verantwoordelikheid van ouerskap om so aan die panteïsties - kreatief-ewolusionistiese God van Opperman se Godskonsepsie „geboorte (te) gee" (Moederstad), daar bewuste besinning op die digterskap as sodanig is (Digter). Hierdie selfrekenskap van sy taak as digter, van die wese en funksie van sy kuns bring 'n ander aspek van die verlossingsgedagte as bv. dié op biologiese vlak aan die orde : die verlossing, bevryding van die goddelike uit die stoflike deur die gedig, 'n konsepsie wat in Opperman se latere verse al hoe sterker op die voorgrond tree.

## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE


1. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad 1947.

2. Genesis 1 : 28 : En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê :

    Wees vrugbaar en vermeerder
    en vul die aarde, onderwerp dit
    en heers oor die visse van die see
    en die voëls van die hemel
    en oor al die diere
    wat op die aarde kruip.

   (Die Bybel met verklarende aantekeninge )

3. Vgl. M.S.du Buson t.a.p. : „In die plek van Schopenhauer se Oerwese as Wil waarvan die menssyn slegs die verobjektivering is en wat geopenbaar word as 'n blinde en irrasionele drang, het ons by Opperman in Negester oor Ninevê die byna heilige Oervoortplantingsdrif as die goddelike stuwingsmag. Die mens, ontdaan van hierdie drang, versteur die evoluerende gang van God. Die goddelike voortplantingsdrif word deur die moderne stadsmens vernietig en so kan die godheid nie tot absolute volmaaktheid kom nie. Die mens moet aan God geboorte gee, hy moet God in homself verwesenlik. So groei God tot heerliker vorme."

4. H. Marsman : De verhouding tusschen leven en kunst in Verzameld werk 111, bl. 238.

5. Standpunte, Jg. V111 Nr. 2, bl. 53.

6. Die nuwe dans in Oordeel en vooroordeel, bl. 163. Vgl. ook Die dans van die sluiers deur Merwe Scholtz in Beskouings oor poësie, bl. 121.

## 3. JOERNAAL VAN JORIK [1.

JOERNAAL VAN JORIK bring 'n boeiende variasie op die basiese motief in Opperman se eerste twee bundels : die geroepenheid en verantwoordelikheid van die geestelik-bewuste mens in hierdie lewe; in hierdie geval die verraad van die mens (en die kunstenaar) teenoor sy van God opgelegde taak.

Ons moet dan ook verby die blote verhaal van Jorik lees en ag slaan op die sinvolle aanduidings van ander betekenislae in die gedig om die volle draagwydte en diepte van dié epos te peil.

JOERNAAL VAN JORIK is 'n sprekende voorbeeld van die moderne laaggedig wat doelbewus as sodanig gekonsipieer en waaraan op dié wyse vormgegee is. In hierdie epiese gedig is daar drie, vier implikasies van Jorik se taak en verraad te onderskei - dus meer as een „betekenis"-laag in die gedig te onderskei. Ek stel my dit nie ten doel om hier al die middele aan te toon wat die digter aanwend om hierdie gedig meer as een dimensie, meer as een dieptevlak te gee nie - hierdie struktuurmiddele kom in die tweede deel van die ondersoek ter sprake - , hoewel miskien terloops daarna verwys sal moet word, maar hoofsaak hier is om aan te toon hoe JOERNAAL VAN JORIK wesenlik aansluit by die grondgedagte in Opperman se vorige digwerk.

Dit is nodig om te let op die verskillende lae of vlakke in die gedig, en dan in die eerste plek die verhalende.

Op die epiese vlak is JOERNAAL VAN JORIK met sy vyf afdelings : <u>Duikboot</u>, <u>Kamera</u>, <u>Granaat</u>,

<u>Silwerlinge</u> /

Silwerlinge en Beuel die verhaal van die spioen Jorik wat deur 'n duikboot, waarvan Manuel die skipper en Dabor die tweede in bevel is, by Kaapstad aan wal gesit word met sy kaart en klein koffer om die land te verken.

In die tweede afdeling leer Jorik eers die Kaapse omgewing ken en daarna die binneland van Suid-Afrika en Natal; ook vertel die ou vrou hom die geskiedenis van die Afrikanervolk.

In die derde deel, Granaat, beleef Jorik die woelige dae van die ondergrondse versetbeweging teen die deelname aan die Tweede Wêreldoorlog van die toenmalige regering. Ten slotte besef hy egter dat geweld nie die vryheid van die Afrikanervolk kan bewerkstellig nie en word hy deur sy vriende bestempel as 'n verraaier. Dit is ook in hierdie tyd dat hy 'n kind verwek by Erna. Dan bring die atoombom 'n plotselinge einde aan die oorlog en betree Jorik in die volgende afdeling van die gedig, Silwerlinge, 'n nuwe lewensfase.

Werksaam in 'n koerantredaksie, word hy na die verkiesingsoorwinning wat die Republiek in beginsel weer daarstel, bewus van die gevaar dat die suiwer ideaal van daardie Republiek verlore gaan in die materialisme, die kapitalistiese industrialisasie van die land met die geld en mag in die hande van enkele magnate en die werkers onterf in hul eie land. Deur middel van sy koerant maak hy die werkers bewus van hierdie toedrag van sake, maar dan word hy deur sy base, self geld- en maghebbers, wat vrees dat hy in die hande van die Kommuniste speel, voor

die/

die keuse gestel om òf sy beleid te verander òf te trap. Hulle verwag van hom geen agitasie nie, maar dat hy die massa van sensasie en ontspanning sal voorsien, en indien hy die sirkulasiesyfer van sy blad opskuif, sal hy dienooreenkomstig vergoed word. Terwille van vrou en kind kies hy die brood maar besef dat hy sy beginsel en insig verloën, dat hy die waarheid aan die stoflike opoffer, die gees aan die materiële verkneg en dat in die dreigende wêreld-brand tussen die Ooste en die Weste daar geen ont-koming sal wees nie. Dit sal die oordeel van God wees oor die materialisme waarin Hy en die waarheid nie geken is nie.

Die laaste afdeling van hierdie epiese gedig begin deur te verhaal hoe Jorik hom besin op sy af-gelegde lewenspad, gedagtig daaraan dat Manuel en Dabor, volgens hul waarskuwing aan die begin, hom te eniger tyd kan kom haal. Hy voeg sy naam by die baie ander op die kaart, oud en vergeeld teen hierdie tyd, en bêre dit in die koffertjie sodat selfs 'n kind dit maklik sal vind. In hierdie vege herfstyd gee Jorik hom ook rekenskap van die doel van sy verblyf in dié land, sy taak wat hy moes volbring, en word dan in-tens bewus daarvan hoe skromelik hy tekort geskiet het in die volvoering daarvan.

Terwyl hy in 'n kroeg 'n gemmerbrandewyn drink, verskyn Dabor onverwags, maar terwyl dié vir Manuel gaan haal, word Jorik oorval deur vrees vir die oor-deel en probeer ontvlug in 'n bus. By die halte waar hy afklim, wag Manuel en Dabor hom egter in, en ten spyte van sy verweer dat hy verraad en ongeregtig-

heid /

heid gepleeg het en dus nie kan saamgaan nie, beloof Manuel hom genade, en toe Dabor hom onverwags 'n inspuiting gee, duisel Jorik en word, tussen die twee ingehaak, weggelei die mistigheid en die duisternis in. Saam met Manuel en Dabor verdwyn hy in die diepte van die water waaruit hy eenmaal verskyn het, terug na sy herkomsoord, sy „vaderland".

Dit is dan in hooftrekke die verhaal wat JOERNAAL VAN JORIK vertel. Maar deur die gedig groei Jorik tot meer as blote fiktiewe epiese held: hy word ook tipe van die moderne Afrikaner en so van die Afrikanervolk as geheel, van die moderne mens en die mensdom (want in die lotgevalle van Jorik sou 'n mens ook 'n beeld kan sien van die mens soos hy geteken staan van Genesis tot Openbaring); daarby word Jorik ook tipe van die kunstenaar, die digter.

Deur die genetiese beelde :

................................ - duik

met 'n borrelbaan langs kuwe en kante
deur die reie vlugtende engelvisse
tussen heup en heup van twee vastelande
in 'n waterbuik se geheimenisse

bo die kopbeen en die gebarste klok
van matrose en ryke lankal vergaan;
maar die see is 'n ewige eierstok
en ryke groei met die groeiende maan.
................................(bl. 3-4)

Gee U genade, laat ons vaar in U naam
en geen rif of magnetiese myn
ons ruk uit die waters, soos 'n miskraam
op die bodem verfrommel tot slym ...
(bl. 5)

en sy aan wal stap by die Moederstad, Kaapstad, word Jorik se koms simbolies van die geboorte van 'n Afrikaner :

.. kry soms op die spieël van uitkykbuis

deur/

deur splete lig of deur 'n los misbank,
uit engtes van die buik sy eerste blik
op die moederstad, op die vreemde land
wat groter en groter groei met sy klip ..
(bl. 11)

Ook deur sy sterk historiese bewussyn, sy verkenningstogte die binneland in, sy bewuswording van sy volk se geskiedenis deur die oë van die Afrikanervrou Wiesa gesien, word Jorik Afrikaner :

En Wiesa met haar hare wit soos brak,
kyk na die vuurtjie binne alle dinge;
sy laat die rook van vlam en kole sak
tot voorbodes en ou herinneringe;

en sy vertel hom mymerend van 'n volk
in windoop ruimtes van 'n land gevorm
wat opstyg uit die see tot in die wolk
waar God praat in die weerlig en die storm; ..
(bl.19)

En dan veral neem Jorik die gestalte aan van tydgenootlike Afrikaner deur sy belewing van resente gebeure in die lewe van die Afrikanervolk, soos sy deelname aan die versetbeweging tydens die Tweede Wêreldoorlog, sy besinning op nasionale problematiek: die verwesenliking van die Republikeinse ideaal, sy strewe na ekonomiese opheffing van sy volk, die gevaar van kapitalistiese standverdeling en materialistiese verraad. So word Jorik tipe van die moderne Afrikaner wat verder ook die dreigende wêreldbrand voorsien, die stryd tussen die Ooste en die Weste waarvan die uitkoms so hopeloos skyn te wees dat hy huiwer om kinders groot te maak :

.. slagskepe van die Weste met die Kruis
téén die Sekel van Nieu-Sarasene
oral op die sewe oseane tuis
waar skip ná skip wegsink tot soutwit bene..

Spookskepe ... Wie besit die Feniksbom?
Spookskepe met krygstuie van die dood ?
O watter wraak sal daar nog oor my kom?
O God, waarom maak ek 'n kind nog groot ?
(bl. 49)

Maar/

Maar Jorik is, benewens Afrikaner te wees, ook simbool van die Afrikanervolk. Hy ervaar reeds op see, voor sy Afrikanerwording, die geskiedenis wat gelei het tot die vestiging van die volksplanting aan die Kaap : die moeisame soeke na die seeweg om die suidpunt van Afrika, vanaf die Feniciërs, die Portugese ontdekkingsreisigers, en dan die eksplisiete vereenselwiging met die ou Nederlandse volksplanters aan die Kaap :

> ,Is ek weer Reiger na die onbekende ?
> Die Dromedaris, Goede Hoop wat vaar
> en onbewus in boeg en lende
> die sade van 'n volk in my bewaar ?'
>
> (bl.10)

Daarna volg die beeld van Jan van Riebeeck, die Fort, Kasteel, die ou Mark. Jorik herbeleef die volkswording van die Afrikaner deur Wiesa se verhaal, vestig hom in die Goudstad, neem deel aan die politieke bedrywighede gedurende die Tweede Wêreldoorlog; hy beleef selfs die koms van die „Republiek" (die verkiesing van 1948 ?) - en ten slotte maak Jorik weer melding van „die Reiger, die Goede Hoop wat ewig vaar " (bl.55).

Saam met Jorik het ook die Afrikaner, die hele Afrikanervolk, verraad gepleeg :

> .. ek het om dertig daalders God verraai.
>
> (bl. 48, 50)
>
> ......................................................
>
> My handelaars en ratte het die siel
> hier in 'n bloed-en-bodem-besigheid
> om dertig silwerlinge so verniel
> vir al die hemele en Sy ewigheid.
>
> (bl. 58)

Ook die Afrikanervolk het van die begin af die „Goue Stad" (bl.58) gesoek, sodat materialisme

hoogty/

hoogty vier. Die verraad teenoor die eintlike bestemming wat God die mens opgelê het, geld ook op nasionale terrein. Soos Judas terwille van dertig silwerlinge, het die Afrikanervolk saam met Jorik verraad teenoor God gepleeg terwille van die stoflike gewin.

Geen wonder dat die gedig groter draagwydte kry wanneer nie alleen die Afrikaner nie, maar die Westerse mens hom in Jorik en sy skuld versinnebeeld sien :

> 'Sou ek met Kruis die groot galeie Gods
> langs bamboes-eilande, van plek tot plek
> bevaar en eindelik verby die Rots
> die nuwe aarde in Sy naam ontdek ?
>
> Dan het ek Hom van die begin verloën:
> want voor die boorlinge metaal en doek
> op vreemde strande sku aan my kon toon,
> het ek die Goue Stad alreeds gesoek.'
>
> (bl. 58)

Terwyl die Sint Elmsvuur van God se oordeel oor die wêreld uitslaan, bely die hele Christelik-Westerse beskawing, ja meer, die hele mensdom sy geestelike bankrotskap :

> 'Wat baat die goud, wat baat die silwerlinge ?
> die vee en vis, die land aan alles ryk?
> Sy kostelike en skitterende dinge
> het van my en myne lankal reeds gewyk.
>
> O watter wraak sal daar nou oor my kom
> dat ek in bodemlose afgrond sak ?
> Hang ek, deur vindinge van brein en bom,
> 'n late Judas aan die laaste tak ?'
>
> (bl.59)

Nie net Jorik nie, nie net die Afrikaner nie, maar die mens van wie se aardse bestaan Jorik se verblyf sinnebeeldig is, het verraad gepleeg teenoor sy oorspronklike bestemming.

Dwarsdeur die gedig, van die begin af, word hierdie algemeen-menslike en religieuse implikasie

van /

van die Jorikverhaal gesuggereer. Die genetiese beelde wat voorkom in die eerste veertien strofes van die gedig, suggereer die menslike geboorte. 'n Mens lees die duikboot duik „tussen heup en heup van twee vastelande in 'n waterbuik se geheimenisse" en „die see is 'n ewige eierstok", en Jorik bid dat hulle nie „soos 'n miskraam op die bodem verfrommel tot slym" nie. Hierdie see waaruit Jorik verskyn en waarin hy weer verdwyn, is 'n ewige voor- en nageboortelike lewe , en sy aan wal stap by die „moederstad" en sy verblyf in die „vreemde land" word simbolies van die mens se tydelike lewe op aarde.

Hy het dan ook

> .. soos enige man met koffer en kaart,
> tussen die mis en die mense verdwyn...
> (bl. 12)

So begin Jorik se lewe, en ten slotte verdwyn hy ook so saam met Manuel en Dabor in die see met die duikboot :

> En drie manne stap gejas en gehaak,
> soos enige drie as een duiselig is
> en die reis nog ver vóór die donker sak.
> (bl. 60)

Verder is daar in Jorik se lewe die twee oorheersende persoonlikhede,Manuel en Dabor, wat meer is as net matrose. Die naam Manuel resoneer dadelik die naam Emmanuel, God met ons, Christus. Ook in sy uiterlik toon Manuel ooreenkoms met die tradisionele voorstelling van die Christusfiguur : „die lang skraal skipper met ... die bietjie baard"(bl.4) en met sy „blink littekens van 'n wond of vyf, geruk deur haak, bajonet of spykers op doelbewuste plekke in die lyf"(bl.11) Wanneer Manuel se afskeidswoorde hierby in ag geneem word, word die religieuse implikasie wat dwars-

deur/

deur volgehou word, versterk :

„Wees voorbereid wanneer ons jou kom haal,
selfs gunstelinge weet die uur nie eers;
ons kom en gaan word heimelik bepaal
deur welbehae van die Een wat heers.

Besorg jou dan geen oorlas of hoofbrekens
sodat jy daeliks bedug sal wees
vir voorbodes of uiterlike tekens,
maar verwag ons altyd na die gees.

En so, dat jy nie gans verlore voel,
neem hierdie kaart en dié klein koffer.
Onthou, jy moet terwille van die doel
jouself, soos ek eenmaal, gewillig offer."

(bl. 11 - 12)

As teëhanger van Manuel word Dabor, die dikke, sinnebeeldig van die Bose. Terwyl Manuel se afskeidswoorde met die geestelike verband hou en Bybelse frases daarin saamklink („.. die uur .., ..welbehae.., ... tekens .., .. verwag ons altyd na die gees..."), gaan dit by Dabor om die materiële :

„Gaat jou blikkies !" Dabor klop sy skouer.
„Ons stel ons oral aan gevare bloot,
moet jou dus nie bekommer nie; onthou
ons maak maar almal 'n geraamte groot !"

(bl. 11)

Vergelyk ook sý voorspelling van Jorik se toekoms wat hy in die speelkaarte aflees, terwyl Manuel 'n ander kaart raadpleeg :

„Jorrie, onthou altyd, jy word beloer;
ek sien die vrou van hartens en die aas,
die heer van ruitens en dan skoppensboer.
Maar bly, ou bees, oor jou bestemming baas !"

(bl.6)

Die verantwoordelikheid van Jorik sien hy as iets boos - „jy word beloer"; „die vrou van hartens" slaan op Erna, die „aas" waarskynlik op die geslag, hoewel moontlik ook op die omkoopgeld. Maar ook „die heer van ruitens" kan doel op die materialisme, die „silwerlinge" (ruitens = diamante), hoewel dit ook die oorlogsgeweld suggereer. En „skoppensboer" dui op

die /

die uiteindelike dood.

So word Jorik prototipe van die mens in die algemeen. Aanvanklik, solank die besef van ŉ godgewilde bestemming en opdrag nog wakker is, verlang Jorik terug na sy eintlike vaderland :

Hy voel in hierdie ruwe land nie tuis
en stap langs slakbedekte rots en strand
in die vervoering van die seegeruis
verlangend na sy verre vaderland.
(bl. 22)

Maar soos hy vaster groei aan die land - dus die opgaan in die stoflike dinge en die nalaat van die vervulling van ŉ geestelike taak -, vervaag hierdie bewyssyn totdat dit te laat is en die oordeel aanbreek. Hierdie algemeen-menslike implikasie word ŉ mens verder gewaar uit Jorik se vraag :

'Het ek die bygelowe van die gees
binne ŉ ligblou middeleeuse nag
en al die karnavalle van die vlees
met blote brein besweer tot helder dag ?.'
(bl. 58)

en ook uit die vergelyking met Judas :

'Hang ek, deur vindinge van brein en bom,
ŉ late Judas aan die laaste tak?'
(bl. 59)

Maar dan is daar vir Jorik, vir die Afrikaner, vir die mens genade ten spyte van erfskuld -

..... diep in my dubbele aard ...
(bl.56)

... vóór my eerste skrede op dié straat
was ek reeds skuldig en verval in sonde:
diep in die klier skuil die verraad -
(bl.23)

en ten spyte van persoonlike skuld :

..............................beklem
dat mens so onbewus in webbe vas
kan raak ............... (bl.34)

O watter wraak sal daar nog oor my kom:
ek het om dertig daalders God verraai!
(bl.48)

ten/

ten spyte daarvan dat nie die Ryk van God uitgebrei is nie maar die Goue Stad gesoek is, is daar tog 'n genadige antwoord op die bede :

> ,Rabbi moet my nie aan myself oorlaat'...
> (bl.50)

en uit die mond van Manuel, verpersoonliking van die Verlosser van die wêreld, klink die vrymakende boodskap wanneer hulle Jorik by halte 33 inwag - die getal wat verband hou met die lewensjare van Christus op aarde :

> .............. - „Kom, in Sy naam.
> Ek, wat hier eenmaal in die tyd en vlees
> ook was, neem jou in Sy genade saam."
> (bl.59)

In JOERNAAL VAN JORIK staan geteken die geskiedenis van die mens vanaf Genesis tot Openbaring. Die Bybelse skeppingsverhaal van die wêreld en die mens word deur die eerste strofes van die gedig gesuggereer :

> Waar warrelwinde uit naghemels maal
> en waaireëns oor die see uitsak, verlig
> die magnesiumdraad van 'n weerligstraal
> 'n duikboot wat soos die aarde verdig
>
> uit die baaierd beweeg ............
> (bl. 3)

Jorik se verraad is die verraad van die mens deur die eeue heen vanaf die vroegste tye („... het ek Hom van die begin verloën ...." bl. 58) - 'n verraad wat geïntensifieer word deur die verwysing op bl.47 na Barbas (die mens kies Barabbas bo Christus), die bedekte toespeling op die Laaste Awondmaal („... brood en bier ..." bl. 31; „'Het ek aan daardie tafel brood gekies ?'" bl. 49), „die Sanhedrin" (bl. 45).

In die strofe

Wat /

Wat baat die goud, wat baat die silwerlinge?
die vee en vis, die land aan alles ryk ?
Sy kostelike en skitterende dinge
het van my en myne lankal reeds gewyk ...
(bl. 59)

herken ŉ mens die woorde van Openbaring 18 : "... en al die kostelike en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie." In die slotgedeelte van die gedig leef die gedagte van wêreldondergang en die eindoordeel van God sterk. Dit is die laaste basuin :

Hy swaai die deur oop .. op ŉ basuin
wat oor die gebou en gebergte blaas,
en dit lyk of die wêreld stort in ŉ puin
waar baie waters al dreigender raas.

Alles skud, en dit voel ook meteens
die aarde dryf los, ŉ sinkende vlot,
en die mishoring roep deur die reëns
en die winde om genade tot God.
(bl. 57)

Die gedig bring nie alleen beeld van die mens en sy skuld nie, maar ook die ewige boodskap van genade, van vrymaking en verlossing in Christus, die oorwinning van die gees en van God.

Van die panteïsties-kreatief-ewolusionistiese Godskonsepsie van Opperman se vroeëre bundels merk ŉ mens in JOERNAAL VAN JORIK bloedweinig. Hier staan die digter veel nader aan ŉ Godsopvatting en verlossing in Christus gefundeer op die Bybel .

Die gedagte van die kontinuïteit in die skepping wat so sterk na vore tree veral in NEGESTER OOR NINEVÉ, vind ŉ mens egter ook in JOERNAAL VAN JORIK terug, maar dit is ŉ ander kontinuïteit as die Heraklitiese van gedurige vernietiging tot die oerstof, vuur, en die ontstaan daaruit van ŉ nuwe lewe soos in NEGESTER OOR NINEVÉ. In Jorik leef die geskiedenis :

,Is/

'Is ek weer Reiger na die onbekende ?
Die Dromedaris, Goede Hoop wat vaar
en onbewus in boeg en lende
die sade van 'n volk in my bewaar ?'
(bl. 10)

en hy is bewus daarvan

.. niks is in sy tyd en stof gesluit
maar alles stroom deur grens en eeu aaneen.
(bl. 15)

Ook aan die einde wanneer Jorik hom besin op sy lewensdoel en -taak, dink hy aan „die Reiger, die Goede Hoop wat ewig vaar" (bl. 55) en hoe hy die dinge van hierdie land „vir 'n ander kryg" met hom moet neem :

Moet ek in die kryg dié brokkige land,
sy stede, sy dissels en diere, neem
oor sy grense van judasklip en sand
deur diepseewaters, en soos 'n museum

agter die stukke glas altyd bewaar :
die klompie Boesmans wat om vuurtjies sit,
die Reiger, die Goede Hoop wat ewig vaar,
die meeue en rysmiere in gelid;

maar dat alles soos in 'n akwarium leef
waar engelvisse uit die reie vlug,
die hegsel aan die meerminbeursie kleef,
en die gidsie koers hou bo die haai se rug...

dit alles, soos 'n mot in barnsteen,
besin binne die engtes van my lyf :
die land, die eeu en mense met my neem
deur diepseewaters vir 'n ander kryg ?
(bl.55)

Jorik stel homself die vraag, 'n vermoeide, moedelose vraag, of dit sy taak is om die kontinuïteit op heel besondere wyse te bewaar deur dié land met alles wat daartoe behoort „oor sy grense van judasklip en sand" te neem, deur „diepseewaters" en „soos 'n museum agter die stukke glas altyd bewaar." Moet hy die werklikheid omskep en verduursaam, dit „soos 'n mot in barnsteen, besin binne die engtes van (sy) lyf" en so met hom saamneem „vir 'n ander kryg" ? Ten opsigte van so 'n doel en taak het hy egter

tekort /

tekort geskiet en verraad gepleeg.

Dat 'n mens hierin die implikasie kan sien van die kunstenaar,die digter, wat die werklikheidsdinge „tot sin en ewigheid besweer" (Wildernis, NEGESTER OOR NINEVÉ), dit omskep vir die reis „met die klein skip geslote agter glas" (Digter, NEGESTER OOR NINEVÉ) na die „verlore vaderland", lyk my nie te vergesog nie. Jorik is in die laaste instansie ook tipe van die digter, die kunstenaar, volgens Opperman se besondere opvatting van die kunstenaar en dié se „verlossings"-taak : die bevryding van die ewige uit die tydelike, die goddelike, die geestelike uit die stoflike, die waarheid uit die werklikheid.

Die verskillende vlakke waarop die gedig JOERNAAL VAN JORIK beweeg, die verskillende lae wat 'n mens kan onderskei, is dus die epiese, die kultureel-historiese, die filosofies-religieuse en die kunsteoretiese. Hierdie laaste, hoe Opperman se siening van die taak van die digter weldeeglik boustof van die gedig vorm, struktuurelement daarvan is, word vollediger bespreek in die hoofstuk oor die laaggedig in Afdeling 11 (bl. 119).

'n Ander verlossingsgedagte as bv. dié op biologiese vlak, in kreatief- ewolusionistiese sin, soos in HEILIGE BEESTE en veral in NEGESTER OOR NINEVÉ uitgedruk, sou 'n mens dus in JOERNAAL VAN JORIK kon onderskei : die puur van die sin van die aardse deur die mens „vir 'n ander kryg", vir die ewigheid. Met betrekking tot Jorik as tipe van die woordkunstenaar beteken dit die bevryding van die sin, die waarheid, die geestelike uit die stoflike, uit die werklikheid en om so daaraan 'n onverwoesbare gestalte

te /

te gee in die kunswerk.

So gee hierdie epiese gedig vir ons 'n demonstrasie van die al duideliker omlynde grondtema in Opperman se digwerk : die verlossingsmotief, hier op heel besondere en boeiende wyse vanuit 'n nuwe hoek en met verrassende dimensies gekonsipieer en poëties gerealiseer. Tewens is JOERNAAL VAN JORIK 'n treffende illustrasie hoedat, by alle ander betekenislae daarin, „het gedicht zich met zichzelf bezighoudt",(2 hoedat Opperman hom al hoe meer in sy verse besig hou met sy digterlike funksie - die konsepsie wat so sterk deurbreek in die volgende bundel, ENGEL UIT DIE KLIP, en die sentrale tema daarvan vorm.

# LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

1. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad 1949.

2. S. Vestdijk : De glanzende kiemcel, bl. 213.

## 4. ENGEL UIT DIE KLIP [1.]

Dat dit by Opperman in toenemende mate in die poësie gaan om die poësie self, die „funksionele"[2] karakter daarvan na vore tree, word ten duidelikste bewys deur die titel van hierdie bundel : ENGEL UIT DIE KLIP. Wat hy kunsteoreties verantwoord het in sy referaat, Kuns is boos ![3], het Opperman, meer nog as in sy vroeëre verse, poëties verwesenlik in hierdie bundel. Die titel ENGEL UIT DIE KLIP slaan direk op die digprocédé, en met hierdie een kernagtige beeld ontleen aan die sonnetreeks Brandaan, formuleer en veraanskoulik Opperman die essensie van die poësie en die wesenlike taak van die digter soos hy dit sien. Dit is 'n „bekommernis, diep-in, oor die poësie self."[4]

Dit gaan dus in hierdie bundel nie meer in die eerste plek om die digter se besinning op sy verhouding tot „die aardse, die vrou en die Groot-Groot-Gees", sy vaderskap of sy Afrikanerskap nie, soos dit die geval was in sy eerste drie bundels, met die verlossingstaak van die digter as bykomende en steeds sterker groeiende motief; nee, in ENGEL UIT DIE KLIP gaan dit uitsluitlik om sy besinning op sy taak, sy verantwoording van sy roeping as digter en die funksie en bestaansreg van die poësie. Die poësie self word hier die tema, verhuld of eksplisiet, van die verse. Die beswerende en immer terugkerende grondgedagte van die bundel in verskillende gedaantes, agter verskillende maskers, is die digter, „uitverkorene van die volk", „suurdesem", wat die hele lewe en skepping „tot kern en simbool ... vertolk"

(Scriba /

(Scriba van die Carbonari, bl.12) en dit in sy poë-sie so herskep, omskep, „verlos".

Die sonnetreeks Brandaan is van fundamentele betekenis vir die begrip van die sentrale motief in hierdie bundel. Hierdie reeks sonnette is gebaseer op die ou Ierse legende oor 'n heilige, Brandaan,(hoe Opperman die oorspronklike verhaal gebruik, word in die tweede deel van hierdie ondersoek en wel in die hoofstuk oor die integrasie van die oerteks aange-toon) wat in 'n boek beskrywings oor ongelooflike voorvalle en verskynsels lees, dit verwerp en in die vuur verbrand. „Skielik verskyn 'n engel - dit kan ook maar sy gewete gewees het - (aldus Opperman in Kuns is boos ! (5) en beskuldig hom van 'n misdaad: die waarheid is nou verlore. Die Here gebied dus dat hy self moet vasstel wat 'waarheid' is en wat 'leuens', hy moet uitvaar en die wêreld, die werklikheid self leer ken, die verband tussen werklikheid en waarheid vasstel. Brandaan en sy geselskap vertrek - 'n dag-boek word aangehou waarin al hulle ondervindings en ontmoetings opgeteken word ...... So ervaar Brandaan dan al die wonderwerke waarvan hy in die boek gelees het. As hy na 'n lang swerftog terugkeer, het ons as wins min of meer die waarheid van die boek wat hy verbrand het. Die boek is dus weer uit die vuur gehaal".

So word Brandaan vir Opperman die universele tipe van die mens - in Afrikaans en in alle ander tale en plekke en tye - wat die bestaansreg van die kuns betwyfel en verwerp, maar meer nog : van die gedurige spanning in die kunstenaar tussen kunste-

naarwees/

naarwees en menswees. Die mens in die kunstenaar verwerp die bedrywigheid van die kunstenaar as iets boos.

Opperman stel dit so in die genoemde lesing : „Die kunstenaar besef dat die werksaamhede, opvattings, gewetes en gebiede van die mens én die kunstenaar verwant maar verskillend is. In 'n elementêre stadium sal die twéé feitlik één wees en natuurlik en spontaan tot uiting kom. Maar in 'n gevorderde stadium van ontwikkeling is die mens en die kunstenaar bewus, uiters bewus van mekaar en staan dikwels juis vyandig en gespanne teenoor mekaar. Onderwyl die mens ly, liefhet, haat .... fluister die kunstenaar aan hom : ‚reveal', dis mos interessante en goeie boustof vir 'n gedig! Die mens verset hom : nee moenie, ‚conceal', anders gee dit aan my ondervinding, aan my diepste gevoelens iets onegs, iets vals en 'n doel buite dié ervaring - en dan sal ek sondig teen my menswees".(6

En dan wys Opperman op die geval van Totius wat bv. hierdie spanning moes geken het toe hy sy twee kinders verloor het en die kunstenaar in hom, die digter Totius, die bittere ondervinding van die mens Totius gebruik as boustof vir verse.

Daarom is dit dat „in die hele digterlike bedryf daar altyd iets geestigs en baie ondigterliks (is) ! Die speletjie met die rymwoorde, maat en strofes kan hom verby die werklikheid en waarheid, verby sy oorspronklike bedoeling na 'n ‚nuwe werklikheid en waarheid' voer, wat vir die mens vals en onwaar voorkom".(7.

Gevolglik/

Gevolglik verwerp die mens in die kunstenaar die kuns as boos, en Opperman verwoord hierdie verwerping deur Brandaan-die-mens van die bedrywigheid van Brandaan-die-digter soos volg in <u>Brandende boek</u> (bl. 47) :

> Dis Pinksternag en voor die kaggelvuur
> terwyl ek verse skryf, weet ek die mooi
> geskryf is eintlik boos en hierdie uur
> moet ek my bundel in die vlamme gooi
> as ek God suiwerder wil dien ...

Volgens die woorde van Opperman in <u>Kuns is boos</u> kom dit hierop neer : „Kortom, in enige gevoelige kunstenaar is daar voortdurend 'n stryd tussen sy menswees en sy kunstenaarwees : Brandaan dreig altyd om die kunswerk in die vlamme te gooi; die kunstenaar wil telkens afskeid neem van sy kunstenaarskap".(8.

Maar ten spyte van hierdie inherente „boosheid" van die kuns wat verdere aspekte van „boosheid" openbaar, soos die aaslustige element in die kunstenaar, die boustof en die vormgewing, moet die kunstenaar sy goddelike opdrag aanvaar, want al is die kuns „boos", al werk dit met „duiwelse middele", „die doel is iets goddeliks."(9.

> ..................................Maar blaaie
> en die boek se band krul om en slaan
> tot vlerke oop dat daar met geel-blou swaaie
> 'n engel toornig in die klipboog staan :
> „Jy het die waarheid in die vuur verbrand,
> maar nou gebied die Here God dat jy
> ook in die gramadoelas van jou land
> Sy wondere sien en koninkryk uitbrei."-
>
> (<u>Brandende boek</u>, bl.47)

Die kunstenaar-digter word dus 'n taak opgelê: hy moet die „engel uit die klip verlos":

„Die werklike kunstenaar sal eerlik, sonder eiebelang, die volle werklikheid probeer <u>erken</u> (al kan hy dit nie alles ervaar nie, sal die stukkie

'werklikheid'/

‚werklikheid' wat hy gee van perspektief getuig) en alles in sy eie reg volwaardig probeer teken. Hier kan dit byvoorbeeld beteken dat hy naas die Afrikaner en sy siel, die Engelsman, die Zoeloe, die Indiër, die Kleurling, ŉ misdadiger, die stad, ŉ klip, ŉ boom, ŉ bees - elke verskyning en verskynsel volwaardig na sy wese peilend, sal probeer uitbeeld.

Dit moet al duidelik begin word dat al het die kunstenaar bose eienskappe en ŉ kunswerk bose bestanddele, al ontstaan dit uit bose spanninge en gebruik bose middele, die einddoel van die kuns die belangelose uitbeelding van alles na sy wese is. En so ŉ werksaamheid kan onmoontlik boos wees, tensy ons aanneem dat die Skepper én Sy Skepping boos is. Al begin die kunstenaar met ŉ boosheid, sal hy hoe groter kunstenaar hy word, des te meer van homself afskeid neem en dan ten spyte van homself en die boosheid eindelik by die wesenlike kom waar hy <u>elke verskynsel in sy eie reg en goddelikheid sien</u> ..... Soos die engel vir Brandaan beveel het om uit te gaan en die werklikheid te leer ken, so vind ons dat die volwasse kunstenaar die volle skepping aanvaar in sy heerlikheid en ellende, sy goedheid en boosheid .... of as ons dit godsdienstig wil stel, alles as byna onpeilbare wondere van God sien. Hy haal uit die werklikheid die waarheid, soek daarin na die essensiële, die ‚inscape', die goddelike, die ‚logos' ...."(10

Om hierdie „logos" uit die werklikheid te „verlos", te bevry, skep die digter die werklikheid om in sy digwerk, en hiervan word die herskepping waarvan die Bybel gewag maak, die Nuwe Jerusalem,

vir/

vir Opperman beeld :

> Ek voel waar heimlik armageddon
> met groenspaan, ryp en die kalander kom
>
> oor hierdie stad, die malva in die blik,
> oor koring en hyskrane langs die skip,
>
> dat alles in en om my heen in nood
> reikhals na die verlossing deur my woord.
>
> (Nuwe Jerusalem, bl.40)

Die wêreld roep in sy verganklikheid („groenspaan, ryp en die kalander") om verlossing, om bevryding daarvan, en in sy digwoord skep die kunstenaar reeds die „Nuwe Jerusalem" deur die ewige sin, die waarheid in die werklikheid, te vertolk.

Om hierdie verlossing van die gees uit die stof te kan bewerkstellig, moet die kunstenaar eerlik opgaan in die werklikheid, „homself vergeet, kruisig, opoffer" terwille van die „logos" soos Opperman dit in Kuns is boos stel.(11.

> Ek gee my daeliks aan die skepping oor,
> soos in 'n bus op pad na die kantoor,
>
> ek, in 'n spel van vereenselwiging,
> plakkaat word, perd, visjong en die sering...
>
> (Nuwe Jerusalem)

Deur hierdie **reslose** vereenselwiging met die werklikheidsdinge vergeestelik hy dit en herskep dit in sy woord tot sin en ewigheid, tot 'n nuwe skoonheid wat tegelyk ewige waarheid is :

> - die ryke baaierd van 'n vrou se gees
> wat met bevrugting in vervoering sweef
>
> oor afgronde en waters waar 'n God
> ses dae aan die baaierd orden tot
>
> 'n nuwe aarde hang in die heelal:
> stad uit die stad, kristal uit die kristal .
>
> (Nuwe Jerusalem)

Met 'n ander beeld, die „toorklip van die woord", verhelder Opperman verder die verlossingstaak van die digter/

digter (Toorklip, bl.42). Reeds in die kinderspel is die analogie van die transformasieproses wat hy later met sy digwoord sou bewerkstellig :

> Ek sien myself as seun weer - onbewus
> in spel 'n middeleeuse alchemis
> wat langs Bloukrans kristalle en agaat
> optel, of korreltjies permanganaat
> in bottels water drup sodat dit pers
> oopslier, of hoe ek snags 'n stukkie kers
> aansteek en kyk dan of die blousalmander
> in goue glans sy kleur verander.

Dis 'n poging tot indringing, tot 'n ontdekking van die geheim en sin van die skeppingsdinge deur die verandering daarvan na te speur : die permanganaat in water, die blousalmander in die goue glans, die kristalle en agaat, produkte van veranderingsprosesse.

As man moes hy vind dat die mens alles in goud, in stoflike gewin laat verander :

> As man moes ek bewuster in die stad
> my spel toe op 'n ander vlak hervat :
> oor die vallei lê sleepsels van my trokke
> wat steenkool, erts en bloekomblokke
> bring; en met tabberds in 'n winkelraam,
> ranonkels, vye, 'n vrou se liggaam,
> weet ek dat alles onder midas-hande
> van die mens in goud verander.

Teenoor hierdie omskeppingsproses op materiële vlak soos deur die mens nagestreef, stel die digter die verandering op geestelike vlak soos deur God bewerkstellig : alles word deur Christus herskep, gesuiwer soos „edele metaal" uit „dowwe erts":

> „Voor My hang lug en aardbol, 'n retort
> waar jul teen wil en dank gesuiwer word :
> swart, bruin en wit, elke element
> wat glansloos skuil onder My firmament.
> En ook het Ek my gees omsluit met stof
> dat ieder : kwik, piriet of dowwe
> erts op wie my Seun as Godsteen straal,
> verander word in edele metaal".

Op 'n ander wyse bewerkstellig die digter egter 'n verlossing : deur die „toorklip van die woord"

waarmee/

waarmee hy 'n eie en nuwe seleksie, ordening en komposisie van die werklikheidsdinge gee, verewig hy dit, vertolk hy die sin en waarheid daarvan. In sy poësie skep die digter die werklikheid om tot kuns; op 'n besondere wyse word die aktualiteit onder sy „midashande" „goud" - die „klip" word „engel", die werklikheid „logos", die stof gees, die tydelike ewig, die onskone skoon :

> Maar ék verlos die mens en hierdie land
> volgens 'n ander alchemistiese verband
> tussen ons duister gees en U, o God,
> as ek patrone skep van myn en krot,
> van kiepersol, swart trossies nastergal
> en kwarteltjies wat dans - so die heelal
> met mens, agaat en boomsalmander
> deur die toorklip van die woord verander.

In sy optekening van „elke verskyning en verskynsel volwaardig na sy wese peilend"(12 word die digter gesien as die scriba - Scriba van die Carbonari, Scriba van Egipte - in wie se werk 'n getransformeerde wêreld geskep word wanneer hy gedigte maak, die „wilde vul" ry (Scriba van die Carbonari, bl.11) :

> ...............Maar hierdie tuig
> en dié vallei is anders as die ligte
> oor die bergsneeu of waar die denne ruig
> teen hellings of om diepblou mere staan ...
> is anders as die klippe en die strand
> wat bleek vannag lê onder daardie maan.

By monde van die scriba van die Carbonari vind Opperman 'n analogie van die omskeppingstaak van die kunstenaar by vroeëre digters, veral Ovidius wat in sy Metamorfose besing hoe die gees so omgeskep is dat dit in klippe en bome vasgevang is. Net soos daardie miteskepper voel hy God, sý God : die deur alles stuwende dinamiese gees, in elke ding en mens opgesluit, en as volksgenoot is dit sy doel om sy aardse land te

bestendig/

bestendig in sy volk se taal. Deur volstrekte vereenselwiging bevry hy die gees uit die stoflike in die gedig, verlos hy die engel uit die klip :

> Ons digters, en Ovidius veral,
> het die omskepping van die gees besing
> met Daphne en Niobe in kristal,
> in klippe of in bome vasgewring;
> en ook waar berg en bos styg uit die see
> met winde wat oor rots en denne fluit,
> ken ek in alles die angs en wee
> van God in ieder ding en mens gesluit,
> en as volksgenoot is dit my doel :
> Ek moet my land, wat buite die hemele lê,
> deur Sy genade en Sy meegevoel
> bestendig in my volk se taal en sê
> wat my aangryp; en in volstrekte
> vereenselwiging met alles om my heen :
> bloeisels, Alpe en viswyf, verlos ek
> deur die gedig die engel uit die steen.
> (bl.15)

Op hierdie manier dien die digter „sy eie volk die beste"[13], want die digters is die penwortel ondergronds wat die hele volk laat bloei omdat hulle put uit geestelike kragte :

> ................- en laat die bloeisels, soet
> en fyn, verrimpel tot iets hards, gesonds,
> en voortdurend tot 'n skone groei gevoed
> word deur ons, die penwortel ondergronds...
> Laat ek dan waardig wees vir die bedryf
> en vir my medemens en God eenkant
> beurtelings notule en gedigte skryf.
> (bl.16)

Hierdie vereenselwigingsproses van die digter met die hele skepping, keer terug in Scriba van Egipte, bl. 44 :

> ...„Want jy, met iedereen se lot
> té vereenselwig om ooit kant te kies,
> poseer soms as 'n duiwel, soms 'n god,
> maar swaai wellustig van die masker los
> aan 'n liaan na dieptes van 'n bos".

Opperman se woorde in Kuns is boos![14] hou direkte verband met hierdie gedig : „.....'n mens sou kan sê dat die kunstenaar oor die algemeen in die beoefening van sy vak heelwat eienskappe van die aap openbaar. Ten eerste het ons die na-apende funksie van die

kuns, /

kuns, of wat Aristoteles die nabootsende noem; verder die amoraliteit en skaamtelose sinnelikheid van die aap. Dit getuig nogal van 'n diep insig in die wese van die kunstenaarskap dat die ou Egiptenare die skrywer soms met die kopstuk of mombakkies van 'n aap voorstel !"

En verder ook : „Die werklike kunstenaar is 'n verkleurmannetjie, hy neem die kleur van sy omgewing aan, word één daarmee, word die groen blaar én ook die droë takkie. Met ewe groot oorgawe en wyding is hy sowel die protagonis as die antagonis, sowel die held as die skurk, hy is ewe partydig vir almal, of eerder geheel en al onpartydig, in 'n groot mate dus amoreel deur sy onpartydigheid. Aan die een kant is hy die kuise Josef, aan die ander kant met ewe groot noodsaak die wellustige vrou van Potifar": (15

.......Ek is een oomblik Potifar
se vrou met die japon en silwer koord
nalatig los, dan Josef wat verwar
van daardie dy en skemerende lies
wegvlug ? .....
(Scriba van Egipte, bl.44)

Die kunstenaar ken dus nie alleen die sonde en boosheid in die skepping wat hy in sy kuns moet besweer tot die goeie en skone en ewige nie, maar ook in homself ervaar hy die teenstrydigheid stof-gees, bose-goeie, klip-engel. Vergelyk in hierdie verband die gedig Jeroen Bosch bl.28, en veral hierdie verse :

Want in my is die swaap, die visgelipte sot
wat elke toertjie van 'n towenaar befluit ..
maar wonderwerke en Sy kruisiging bespot;

en, as ek God saam met Antonius aanroep,
is hy reeds daar wat van 'n nuwe geilte
roekeloos die eerste swaeltjies deur 'n tregter poep.

Hierdie stryd, in wese dié tussen die mens;

sondig/

sondig en stofgebonde, en die kunstenaar wat alles as „byna onpeilbare wondere van God sien", word in die omskeppingsproses in die finale kunswerk besweer: „Die bevredigende oplossing vir hierdie spanning is die worsteling self wat geordend uiting vind in die kunswerk"[16]

Dit is hierdie aanvegting, hierdie vertwyfeling wat die kunstenaar noodgedwonge móét beleef weens sy tweërlei aard : mens-kunstenaar, wat ten grondslag lê van die gedig Ou non (bl.22). Hier gebruik Opperman die siening van die ou non om dié wesenlike aspek van sy kunstenaarskap te verbeeld, want die kunstenaar, die digter, „verpes abstraksies en die ‚onsegbare'; hy moet konkretiseer ... hy spreek deur beelde ..":[17]

O laat ek tak na tak weer styg in so 'n droom
wat kruin in U heelal ..Ook die twyfel,Heer,verjaar.
Kom nog eens met U lig,breek nog eens deur my skroom.
Ek is geen meisie meer, herken 'n blaar as blaar
die flikkering van U ligkolom as moerbeiboom.
(bl.23)

Ook die ou non, wat die Godsopenbaring in die skeppingsdinge, die geestelike in die aardse, herken het, ervaar die stryd om steeds die engel uit die klip te bly verlos deur 'n lewe te lei wat gerig is op die geestelike, om haarself te kruisig vir 'n hoër doel as die bloot natuurlike lewe, om steeds die wonder te bly ervaar.

Dat hierdie peiling van die „logos" in die werklikheid en die verwoording daarvan in die gedig wrang, dikwels onaanneemlik en selfs verwerplik is vir die mens wat nie so geestelik ingesteld lewe nie, spreek uit gedigte soos Mériba, die kwatrynreeks Aluin, en Mohammed aan Ajesja. Tussen wat die mens vra —

.... vra /

... vra my volk wildsbokke
en rooi granate,
die wingerdstokke
wat raak aan U water. —
(Mériba, bl.5)

en wat die kunstenaar gee indien hy sy roeping vervul, bestaan daar 'n wêreld van verskil. Want hy kan nie in die aktualiteit bly steek as hy sy taak as kunstenaar waarlik wil volvoer nie — hy moet God se ewige sin in die skepping vertolk :

Maar onder my staf
wat driftig spreek
dat, soos uit 'n kraf,
U vryelik breek

uit die rots, uit die ding,
in Kades, die stad
op die sande van Sin,
breek U waters brak.
(Mériba)

Dit is hierdie „brak waters van God", die dikwels bittere „logos", die wrange „aluin", waarvan ook sprake is in die kwatryn Droogte (bl.19) :

Dissel en doring en kaiingklip, grys
is die wêreld en die kraaie krys;
hou in my hand die wiggelroede
wat U waters wys.

Die digter ervaar die sin van die lewe en werklikheid as wrang : so word die persoon in die kwatryn Stillewe (bl.19) bewus van sy eie verganklikheid wanneer die vals tande die assosiasie met die skedel wek, simbool van die dood :

Die spieël weerkaats 'n stukkie bed en hande,
horlosie, kleingeld en kruisbande;
en eenkant in 'n glas buig water
skedelig om vals tande.

Hierdie erkenning van die wrangheid van die lewe beluister ons ook in die woorde van Mohammed, wat ook 'n ewige boodskap van die geestelike dinge moes bring, aan Ajesja :

.........Tog, /

..............Tog, hoe kan jy,
nog nie gerimpel of geryp deur pyn,
ooit weet die soetste druif is half rosyn.

(Mohammed aan Ajesja, bl.39)

Hierdie besef van die inherente bitterheid en verganklikheid van die natuurlike lewe, lê ook ten grondslag van Skutter („.... die dood wei tussen ons vermom ..";bl.37), Draaikewers (bl.24) met sy gedagte van vereensaamdheid in die verganklikheid, e.a. verse. Reeds uit die titel van die kwatrynreeks Diereriem (bl.31) spreek die bittere gedagte van die lewe as 'n onontkombare noodlot waarin alles voorbeskik is :

Hy skep die waters weer byeen
en sonder ag op bid of ween,
kantel Hy na eie spel
dit deur die gieter weer uiteen.

(Waterman, bl.38)

Nogtans bly die digter as geestelik-lewende steeds van sy taak bewus om juis in so'n skepping die „engel uit die klip" te bly „verlos"; daar is by hom die vertroostende besef dat tussen al die verganklikheid en sinnedrif die geestelike, diep verskole en onaantasbaar, aanwesig is :

Hy gloei voor my uit die braambos
en vlam op vlam skud Hy Sy maanhaar los,
die koninklike vuur van die heelal
wat my van bloed en vlees verlos.

(Leeu, bl. 35)

En :

Sy laat die uitverkore saad ontwaak,
die sakaboela nes in biesies maak —
Sy baar die eier, vrug en Knaap; maar gaan
van hierdie aarde self onaangeraak.

(Maagd, bl. 35)

Sprekend deur middel van beelde, gebruik makend van die sintuie en die oerdrifte en met 'n vermyding van die weke en slappe,(18) sê die kunstenaar die „logos" van die lewe en die skepping in sy verse

uit :/

uit :

Ek kyk uit pantsers deur 'n kier
en flikker in die sonlig skêr en spier,
verberg die fyn en tere — agter
die stroewe skild op 'n skarnier.

(Krap, bl. 34)

Met hierdie „kyk deur 'n kier" van agter die pantsers, sien die digter die nood van die skepping wat al hoe groter word :

.. sal krap waar die winde stook
en groter en groter
die eiland rook.

(Paardeneiland, bl. 6)

Want Paardeneiland, die ou ashoop, met sy nood en ellende groei uit tot simbool van die wêreld; hy sien al die sonde, die hebsug, materialisme, die bloed wat roep om vergelding, die gewetenswroeging:

...sak 'n duisend kraaie
oor die bloed, oor die klip..
O waar sal ek skuil
teen die stippels wat pik ?

(Sprokie van die spikkelkoei, bl. 7 )

Dit is aan die stem van die mens in so 'n skepping dat die digter uiting gee, wanneer hy na aanleiding van Klara Majola se daad van selfopoffering, selfverloëning, moet bely :

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger oor my uit die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluim.

(Klara Majola, bl. 8)

Dit word die uiting van die lewensangs van die hele ontredderde mensdom sonder geestelike waardes wat sekerheid gee.

Klara Majola sterf terwille van 'n geestelike waarheid, net soos Brandaan deur God verplig word om homself te kruisig, af te sterf, te bevry, in sy ontdekking van God se waarheid en wondere in die skepping,

in /

in sy verlossing van die „engel uit die klip".

So word Brandaan beeld van die kunstenaar, volgens Opperman se siening, wat homself „ter wille van die ‚logos' (moet) vergeet, kruisig, opoffer" ten einde die verlossingstaak te kan volvoer :

...maar nou gebied die Here God dat jy
ook in die gramadoelas van jou land
Sy wondere sien en koninkryk uitbrei". -
(Brandende boek, bl.47)

Die kunstenaar moet hom bevry, verlos deur middel van sy kuns, van dié bande wat hom „in fetters" (19 laat skryf, en die reeks Brandaan is juis die demonstrasie van hoe die kunstenaar nie alleen die goddelike „logos" nie, maar ook homself bevry.

Weens sy menswees is hy vas aan 'n bepaalde volk en tradisie, en het hy deel aan die skuld en sondigheid van sy volk, van die wêreld : die mislukking om die gekleurde nasies te kersten --

„Ek ken die aarde reeds waarop jy boer,
en wil nie by jou in jou hemel wees,
maar eerder met voorvaderlike geeste
uit die hel Unkulunkulu roer.
Gaan die wit woede van my oog verby --
jy het my kop reeds van die lyf gesny."
(Swart kop, bl. 48)

Dan in vervoering trap die kaal voetsole
lig-lig na Brahma oor tapyte kole.
(Vuurlopers, bl. 51)

-- verder ook aardsheid en wellus :

Dit sterf stuk-stuk van hom: mens, vis en gras,
maar ewig groei en klou hy - aardevas .
(Lintwurm, bl.49)

TOKOLOSI

Wanneer die pietersielie water trek
hoor sy van die rivier 'n soet gefluit,
maar op nat klippe by die oortrapplek
gryp hande uit die water na haar kuit.
En met die padgee van groen stringe slyk
sien sy die halfman, halflikkewaan
los uit die water lig : spits oë kyk
haar/

haar tussen borste en vol heupe aan ...
dat sy eers aarsel, dan verskrik wegvlug
vanuit die drif se sleepsel van verdriete,
maar ingehaal, teensinnig op die rug
tog oorgee aan die vreugde in die riete.
En nege mane lank dink sy verstom
van wié en hoé die nuwe lewe kom.

(bl.50)

Die kunstenaar voel hom deur sy menswees lotsgebonde aan die hele skepping met sy beklemmende tydelikheid waarvan hy dit in sy kunswerk juis moet bevry :

Maar snags sien ek hy hou die kosmos styf
gevange in die Melkweg van sy lyf.

(Kronos, bl. 52)

Dit is hierdie verbondenheid, hierdie aan bande gelê wees van die kunstenaar, wat in die gedigte van die Brandaanreeks uitdrukking vind, wat die grondgedagte vorm in Séance (bl. 53) en waarvan Opperman in Kuns is boos sê : „Die verbondenheid van die kunstenaar deur sy menswees aan 'n bepaalde volk, kerk, politieke party, 'n bepaalde tradisie en kultuur, kan hom in ‚fetters' laat skryf".[20] Daarom die kreet om verlôssing in die slot van Séance :

„Verlos ons van dié strik. Heer, sny die koord."

Maar deur die gedig, die „toorklip van die woord" waarin die ewige ‚logos' vertolk word, in die omskepping van die werklikheid tot kuns, word nie alleen die bevryding van die skepping bewerkstellig nie, maar ook 'n persoonlike bevryding. Deur sy menswees het die kunstenaar medeskuld aan die doemwaardigheid van die skepping —

... Tog, flakkerend uit die rook kom een-een later
die lintdraak, kroeskop en likkewaan
na bo gebeur, afskuwelik en kwater
as my dubbelgangers in die klipboog staan;..

(Man met horries, bl.54)

— maar/

— maar deur die volvoering van sy kunstenaarstaak bevry hy ook homself :

Ek het die wondere van God beskryf
en al die monsters uit my hart verdryf.
(Man met horries)

Sonder opoffering is hierdie selfbevryding van die kunstenaar en die „verlossing" van die waarheid uit die werklikheid onmoontlik. „Juis om die ‚logos' is die kunstenaar skynbaar wesenloos, het hy geen identiteit nie, moet hy ter wille van die ‚logos' homself vergeet, kruisig, opoffer"[21]. Hierdie gedagte, waarvan Kroniek van Kristien in die volgende bundel die magistrale demonstrasie is, lê aan Opperman se siening van die dood van Gideon Scheepers ten grondslag in die grootse slotgedig van ENGEL UIT DIE KLIP, nl. Gebed om die gebeente (bl.55) :

Hy moes drie dode sterf, maar hy wat drie maal sterf
die sterf nie meer; hy word nou elke dag gesien
as 'n matroos, of stoker op 'n steenkoolwerf,
in myn of tronk, in sirkustent of 'n kantien -
hy leef in hierdie land nou ewig en altyd ! (bl.60)

Scheepers gee sin aan die worsteling om nasieskap in hierdie land; sy drieërlei dood openbaar aan sy moeder dié waarheid uit die werklikheid :

Seën, Here, ál die bleek gebeente van die stryd -
.............................................
- dat ons as een groot nasie in dié gramadoelas
met elke stukkie sinkplaat en met elke wiel,
en wit en bruin en swart foelie agter skoon glas
ewig U sonlig vang en na mekaar toe spieël.
(bl.60)

So word Scheepers met sy lyde en opoffering ook tipe van die kunstenaar wat ook deur selfkruisiging die ewige „sonlig" van God moet opvang en weerkaats, die „engel uit die klip" verlos".

ENGEL UIT DIE KLIP bring 'n interessante en noodwendige groei in Opperman se siening van die

wese /

wese van die kuns, sy kuns; van die taak van die kunstenaar, van homself as digter, nl. om die „engel uit die klip" te „verlos", die ewige en sinryke uit die tydelike en stoflike, die waarheid, die „logos" in die werklikheid te peil en in sy kuns te vertolk. So „verlos" hy God, „verlos" hy die skepping, „verlos" hy homself.

Opperman se poësie word in hierdie bundel 'n kuns óór die kuns, 'n poësie van „die nuwe dans."(22 Dit is egter nie 'n kuns óm die kuns soos die verskralende en selfuitputtende kuns van Tagtig nie, maar 'n kuns waarin die digter steeds sy greep op die werklikheid, die aktualiteit wat hy in sy poësie inbou, verstewig en verbreed.

Sy kunstenaarsvisie word steeds skerper maar ook wyer, die ervaringswêreld waarin die wortels van sy kuns lê, steeds groter en dieper. Hy verwesenlik in al hoe sterker mate die einddoel van die kuns soos hy dit self verantwoord :„Kuns is boos ... dit werk met duiwelse middele, maar die doel is iets goddeliks !"(23 En so kry sy kuns 'n universele karakter wat dit iets unieks en groots maak.

---

## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

1. Nasionale Boekhandel, Kaapstad 1950.

2. S. Vestdijk : De glanzende kiemcel, bl. 213.

3. Standpunte, Jg. V11l Nr. 2, bl. 43.

4. A.P.Grové : Die nuwe dans in Oordeel en vooroordeel, bl. 157.

5. T.a.p. bl. 45.

6. T.a.p. bl. 46.

7. T.a.p. bl. 46.

8. T.a.p. bl. 48.

9. T.a.p. bl. 54

10. T. a. p. bl. 53.

11. T. a. p. bl. 53.

12. T. a. p. bl. 53.

13. T. a. p. bl. 53.

14. T.a.p. bl. 50.

15. T.a.p. bl. 49.

16. T.a.p. bl. 53.

17. T.a.p. bl. 50

18. Vgl. t.a.p. bl. 47.

19. T.a.p. bl. 49.

20. T.a.p. bl. 50.

21. T.a.p. bl. 53.

22. Vgl.A.P. Grové , t.a.p.

23. T.a.p. bl. 54.

## 5. BLOM EN BAAIERD [1.

As ENGEL UIT DIE KLIP die duidelikste uitspreek van Opperman se digterlike credo is ín die gedig, dan is BLOM EN BAAIERD die glansryke demonstrasie daarvan déúr die gedig. Dr. A. P. Grové stel dit so[2 : „Hierdie kunsteoretiese bemoeiing met die poësie (waarvan ons in die vorige bundels ook merkwaardige voorbeelde vind) is natuurlik geen abstrakte poëtiese teoretisering in versvorm nie; in die beste voorbeelde ontstaan daar tussen die teorie en die demonstrasie 'n simbiotiese verhouding en gaan die teorie in die gedig dramaties oortuigend in vervulling — wat nie wegneem dat ENGEL UIT DIE KLIP tot sekere hoogte 'n wapenskou was nie, 'n monstering van poëtiese toerusting wat nodig was voor die groot slag van die jongste bundel waar die titel nou 'n aards-geestelike spanning impliseer soos dit op talle terreine tot openbaring kom : die sosiale, die biologiese, die religieuse, die kunsteoretiese. In die ‚klein skip geslote agter glas' word nou 'n hele wêreld ingeskeep."

Die titel BLOM EN BAAIERD sluit aan by dié van die vorige bundels, nie alleen om die geestelik-aardse spanning op verskillende terreine wat dit impliseer nie, maar weens, wat Vestdijk noem,[3 die „funksionele" karakter daarvan — dit verrig nie alleen 'n tematiese benoemingsfunksie nie, maar verwys ook na die aard van die kuns en sy funksie volgens Opperman se opvatting.

'n Ontwikkeling in die rigting van die „funksionele"/

„funksionele" poësie word weerspieël in die titels van Opperman se digbundels. Dr. A.P. Grové stel dit soos volg in 'n voetnoot by sy opstel Die towenaar in die fles (Beskouings oor poësie, bl. 55) :
„Heilige beeste slaan nog op die inhoud; Negester oor Nineve dui suiwer op die simboliek, terwyl Joernaal met sy snelle ‚aantekeninge' en veral Engel uit die klip op die essensiële werksaamheid van die digter wys. So ook Blom en baaierd waar die chaos-orde-spanning weer eens na vore gebring word."

Die titel BLOM EN BAAIERD impliseer ook die gedig teenoor die aktualiteit.

By alle vernuwing wat dié bundel bring, veral tematologies waar die titel op 'n sosiaal-kultureel-religieus-etnologiese teenstelling slaan, sluit dit wesenlik aan by Opperman se vorige werk, ook in hierdie opsig dat hierdie bundel blyke lewer van daardie „bekommernis, diep-in, oor die poësie self".(4

Hierdie besinning op die funksie van die kunstenaar en sy kuns herken 'n mens in Kitaarspeler (bl.36) :

Die klank verklik my vreugde en verdriet,
ek vra wat elke ding my snare bied;
sal alles doen en selfs verraai
net dat 'n nuwe deuntjie in my draai.
Ag Heer, vergewe my die sondes van die lied.

Dit is duidelik dat Opperman hom steeds bewus bly van sy taak as digter om slegs die „logos" in die werklikheid te vertolk in sy kuns en nie bloot om die „aaslustige element" van die kunstenaar in hom tevrede te stel nie. Indien hy

net /

net terwille van die „nuwe deuntjie" die werklikheid sou verken, sou hy verraad pleeg teenoor sy roeping, sou dit kuns wees terwille van die kunstenaar en nie kuns in diens van God nie. As kunstenaar ervaar ook hierdie digter die problematiek na aanleiding waarvan hy in Kuns is boos ! verklaar[5] : „Die aaslustige element van die kunstenaar is nie tevrede met die ondervindings wat sy menswees toevallig vir hom opdoen nie; hy word astranter (en miskien met die jare wanhopiger). Hy por die mens doelbewus aan tot nuwe ondervindings ter wille van die kuns, want as daar een ding is wat die kunstenaar vrees, is dit die digterlike woestyndood, die Kalahari wit papier. Dit word soms 'n soort siekte om die kuns te bedryf. Daar is oor Hooft in verband met sy liefdesgedigte gesê dat hy verlief geraak het ter wille van die kuns. Die mens kan uit 'n innerlike noodsaak gedryf word van opvatting tot opvatting, van -isme tot -isme, geloof tot geloof, van bekering tot bekering, maar by die kunstenaar kan hierdie soeke 'n sekere ‚egtheid' verloor waar dit 'n soeke na nuwe boustof word, soos jy soms voel as jy Yeates se werk lees of Rilke s'n met sy gekweek van stemmings. Die kunstenaar verbruik gelowe en bygelowe, vriende en verhoudings, selfs sy eie menswees en liggaam in die bose en selfvernietigende soeke na ondervindings, na nuwe en unieke sensasies vir sy kuns. Kortom, in enige gevoelige kunstenaar is daar voortdurend 'n stryd tussen sy menswees en sy kunstenaarwees : Brandaan dreig altyd om die kunswerk in die vlamme te gooi;

die /

die kunstenaar wil telkens afskeid neem van sy kunstenaarskap."

Direk hierby sluit die vers Oud-digter(bl. 39) aan (selfs woordelik : „Kalahari's wit papier!):

> Die panne is nie opgedroog. Die spoor
> van die grootwild het ek 'n rukkie net verloor
> en leef intussen van die enkel reël
> wat springend ritsel om die oog en oor.
>
> Daar bly die bose vuurtjie wat ek mos kan stook
> en vlae reën lok as die gifpot kook.
> Maar uit die pot spring net 'n dwarrelwind
> en daagliks word ek doller van wildedagga rook.
>
> Doller ... dan sterker as die jongeres gespier,
> sien ek wat hulle nie kan sien : die koel rivier,
> die gemsbok en reënvoël ... opgeefselend
> oor my Kalahari's wit papier.

Opperman gee hom nie alleen rekenskap van sy taak as kunstenaar nie maar ook van die suiwerheid, die egtheid van sy kuns — hoewel die kunstenaar met „duiwelse middele" werk, moet die doel van sy kuns steeds „iets goddeliks" bly.[6]

Dit is 'n wesenlike gevaar wat die kunstenaar bedreig wat die mees alledaagse gegewens wil omskep tot kuns, wat die goddelike, die geestelike waarheid in die alledaagse wil ontdek en verwoord, dat hy in die alledaagse kan bly steek, dat sy kuns by ontstentenis van die bereiking van die ideaal dan triviaal en banaal kan bly. Dit is dan ook slegs deur sy merkwaardige kunstenaarskap waarvan sy feillose organisasie van stofgegewe en taal 'n manifestasie is dat hierdie digter aan die gevaar van trivialiteit ontkom en in der waarheid die „engel uit die klip" verlos, 'n dieper sin en skoonheid uit die verse laat opglans — dink maar aan verse soos Na 'n besoek aan die dieretuin, Stillewe, en ook

vele /

vele uit hierdie bundel onder bespreking, soos Kaapse draaie (bl.31), Beurtrympie (bl. 59), Clat boek (bl. 63).

En veral in die behandeling van die rassekonflik is die gevaar groot om die stofgegewe te eksploiteer ter wille van die skokeffek daarvan, en om dit nie te sien volwaardig „in sy eie reg",(7) dit belangeloos uit te beeld na sy wese om so die sin daarvan te vertolk nie. Hierin lê onder meer Opperman se grootheid as kunstenaar wanneer ons BLOM EN BAAIERD vergelyk met ander tydgenootlike „literatuur" oor hierdie aktuele werklikheidsprobleem, dat hy nie „die bose vuurtjie stook" nie, nie bly steek in die emosionele of didaktiese nie, maar deur die gevaar heen stuur en sy taak as kunstenaar glansryk vervul. Hy ontkom dus as doelbewuste kunstenaar aan „die sondes van die lied" (Kitaarspeler,bl.36) en stig „die vuur van God" (Rooi oog, bl.34) deur die omskepping van die „menslike verval" (Blomverkopers, bl.33) tot kuns.

Ontleen aan die ou gedig Liid fan di diamant waar die „blom" die diamant beteken, verkry dié woord deur sy gebruik binne die bepaalde konteks van die gedig Blom van die baaierd (bl.65) ook die bybetekenis van : die gedig, die kunswerk, waarin God se waarheid vervat is en wat hierdie waarheid, hierdie goddelikheid verduursaam in die chaos en tydelikheid van die wêreld.

'n Mens kan in hierdie gedig verskillende betekenislae aflees. Op die epiese vlak is dit die verhaal van die lewensloop van die misdeelde

Koen /

Koen Beume met sy hunkering, sonde en deemoedige versoening, soos uitgebeeld in die drie afdelings van die gedig : Vlermuis, Lokvink, Vuurvlieg. Maar die gedig het ook 'n histories-religieuse implikasie: Koen se geskiedenis „(kan) die verhaal word van 'n hele mensheid in sy weerspannigheid, lyding en heilsverwagting. Net soos in die geval van Jorik, sou 'n mens in die ontwikkeling van ,skewe Koen' 'n beeld kan sien van die mens soos hy geteken staan van Genesis tot Openbaring."[8]

Daarby het die gedig ook 'n kunsteoretiese betekenislaag, want Koen is ook digter,

> ..............die boggelman ou Skewe Koen
> wat rympies maak terwyl hy bandoliere naai.
> (bl. 68)

Soos die vlermuis moet Koen as digter met klank en weerklank sy plek in die skepping bepaal, binne die chaos van die tyd 'n blywende patroon ontdek. Meer nog, hy moet, soos Vincent van Gogh „sin gee aan die armoede en pyn."(Vincent van Gogh - HEILIGE BEESTE)

> „Ek moet met rympies in U duister maal,
> 'n rukkerige vlug my lewe lank,
> en tussen sterre en die stekels staal
> telkens met klank en weerklank
> my wisselende plek in die heelal bepaal.'
> (bl. 70)

Hierdie taak kan hy as kunstenaar slegs volbring deur die reslose vereenselwiging met die skeppingsdinge, elke ding in sy eie reg en goddelikheid te sien, om so die „logos" daarvan in sy digwoord te vertolk :

,Waarom, /

'Waarom, my Meester, dan so koud en hoog ?
Hoe is U as ek deur 'n ander liggaam kyk ?
Ken 'n uintjie U ? Hoe sou die rant se boog,
die maan wat opkom, en 'n miershoop lyk
deur oop glasholtes van 'n perd se oog ? '

(bl. 70)

So impliseer „die flonkerende steen van mag en kennis", by die ander betekenisse wat dit in dié gedig het, ook die gedig, die „toorklip", die „wiggelroede" in Koen se hand.

'Ek móét my lyf van hierdie lyf vervreem —
die drade tussen wye wêrelde loop dun !
Ek moet een nag die flonkerende steen
van mag en kennis wat U my misgun,
uit die verbode kamp van doringdrade neem.'

(bl. 70)

Uiteindelik, na sonde, lyde en berou, verlang Koen terug na die tyd toe hy nog „rympies" gemaak het „vir God of bruilofsfees" en kry hy 'n insig in sy taak as bewaker van die geestelike temidde van die sonde en ellende van die wêreld.

'Het U my eens die kreupele gemaak
en my klonkie bruin soos gladde seebone,
dat ons U skepping in die skadu's sou bewaak
en alles wat vergete word, en die gewone,
ja, selfs die lelike deur ons U raak ? '

(bl. 77)

Getrou aan hierdie roeping sou hy „..sien dat U regverdig bo die donker skepping straal.." (bl.77). Met hierdie bewussyn kan hy hom versoen met Broeder Ben en „bid om sy en Brakfontein se sonde," om dié van die hele wêreld(bl. 79).

Ook elders in die bundel word digters gesien as „bewakers", net soos Koen moes wees as maker van die gedig, die onverganklike,singewende element in 'n verganklike en chaotiese wêreld, die „flonkerende steen" waarin Gods ewige lig en waarheid vervat is :

„'... Ek/

"...Ek tart uit di ewe, ek daag uit di tyd
'n blom fan di bajert, ferberg in di nag.
(bl. 71)

... 'n kasteel fan kristal waar Gods lig uit skyn."
(bl. 72)

Hierdie bewakers van die geestelike, van die „blom" teenoor die „baaierd," sluit in Holst, Bloem, Achterberg, Duhamel, Boerneef, Totius. Die gedagte van die bevryding van die geestelike uit die verganklike en mankolieke wêreld deur middel van die gedig, spreek uit die volgende :

Wie anders as die mens in die heelal
verlos hom uit sy menslike verval ?
Elkeen moet sy begoëling vind :
party in Christus, ander in kristal.
(A. Roland Holst, bl.43)

So ook voer die digter, die kunstenaar, bewaker van die geestelike, die wêreld in sy gedig „verby die stoflike na 'n Boplaas" (Boerneef, bl. 45) , verbloem hy die pyn „met skoner pyn van die gedig"(Bloem , bl.43)(9 en word hy eintlik die roepende gewete van sy tyd en volk soos Totius dit ook was :

Telkens as hierdie volk van God afdwaal,
sal hy in Afrika se klip en kaal
herinner word hoe groot Hy is
deur die tinkinkietaal van Totius.
(In Memoriam, bl.45)

Die gestalte van die bewaker herken 'n mens ook in Nagwag (bl.27). Hierdie man is meer as 'n doeanepakhuiswag : hy is ontsteld

... oor die miljoene swartes wat rondloop
en in die donker dreig, 'n dom geweld
wat hierdie skuur een nag sal sloop.
(bl. 27)

Meer nog :

Hy staan weer op en loop die rondes
teen die hele mensdom met sy sondes.
(bl. 28)

Die /

Die „baaierd" waarteen hierdie bewaker die „blom", die geestelike, beskerm, is nie net die swart barbaredom nie, maar die sondes van die hele mensdom. Hy ervaar die wêreld as „die ou kasarm", voos en sondig :

‚In miljoene liggies woel die mens,
oorgelaat op aarde aan sy lot :
wit maaiers aan die lies en pens
van 'n swart koei wat lê en vrot —
alles voos van die verval,
die sterre vreet aan die heelal.'
(bl. 29)

Na sy vertwyfeling en tydelike versaking van sy taak, kom hy, soos Koen, tot insig :

‚Ek het my net verwant gewaan
aan dié wat in die duister gaan!'

Hy sien dan in die sterregate
hoe God se konka brand,
en voel weer as die eerste strale
rooi flikker oor die ysterrand
en meeue en die melkjong roer,
dat God deur iedereen Sy nagwaak voer.
(bl. 29)

So 'n bewaker van die geestelike, draer van die beskawing, soeker na die ideaal in die woesteny, is ook die Trekker-pionier in Clat boek (bl.63) :

....... 200 beeste
9 perde ......1000 skape
Ons vertrek .....
......... Monomatapa.

In 'n ander gestalte verskyn die „man met flits" hier : nader, konkreter herkenbaarder. Die man word nou Trichardt, die Voortrekker; die duister, dreigende land en waters wat glip, word hierdie Afrikaanse vasteland met sy reëns, vlieë, wildernis, gevare en ontberings; die klein wit kol van die wete word nou 'n kompas aan die sakhorlosieketting vas :

Verken die koers —
aan die ketting vas
van my sakhorlosie
hang 'n klein kompas.
(bl. 63)

Soos/

Soos hy verder verken, word die sekerhede minder; een van die laaste „klippe" wat verdwyn, is :

Die enigste wat ek
in die lewe had ...
Ek lê die pen neer :
God het Martha gevat.
(bl. 64)

Word hierdie Trekker-pionier, vestiger van die beskawing (die „blom"), bewaarder van die geestelike, wat net soos Jorik die vreemde land verken, nie ook simbool van die digter wat die brute werklikheid verken, die sin en waarheid daarin peil, die aktualiteit in sy verse omskep — so die geestelike, die goddelike in sy kuns verduursaam en die ideaal verwesenlik nie ? En behalwe dat Trichardt die land verken, 'n bewaker is van die „blom", skryf hy ook. Dit is 'n interessante skakering dat dit by hom 'n onbewuste skrywersdrang is wat tot uiting kom in kunstelose prosa, en dat ons hier weer eens 'n geval het dat daar van moedeloosheid sprake is : vergelyk Jorik se vermoeide, moedelose vraag in verband met sy eintlike taak (JOERNAAL VAN JORIK, bl.55); in Wildernis (NEGESTER OOR NINEVÉ, bl. 9) is daar selfs twyfel aan die beswerende vermoë van die digterskap. En probeer die oud-digter (Oud-digter, bl.39) nie ook maar sy twyfel aan sy kunstenaarskap oorwin nie?

In die lig van die „verlossings"taak van die digter wat die geestelike, die goddelike in die werklikheid in sy kuns verduursaam, moet ook die merkwaardige slotgedig van die bundel, nl. Paddas (bl.81), gelees en verstaan word. Die paddas, beeld van die digterskap, „voel opnuut Sy gees", en in die skepping hervat hulle „die onvoltooide groot gesprek".

Hulle /

Hulle is die wakendes, die bewakers :

Tussen die biesies van die stede uit
deur die lang nagwaak
terwyl die ander slaap,
ryg ons die stringe liggies van die kuit.
(bl. 81)

Hulle interpreteer die skepping, verlos die waarheid uit die werklikheid, sing op God die groot hosannas :

Ons wat uit die slym
berg en ster berym,
roep oor die borreling van die moeras
deur die eeue in ons sange,
toesang en teensange
op Hom die groot hosannas.
(bl.82)

Ook Kristien (Kroniek van Kristien,bl.47) bewerkstellig ŉ verlossing, ŉ verlossing van die hele skepping deur haar vereenselwiging met plant en dier, deur lyding na siel en liggaam te verduur en vreemde gedaantes aan te neem. Gebaseer op die Middeleeuse legende van Christina die wonderbare [10] waarin die gedaanteverwisselinge en lyde van die heilige Christina verhaal word, skep Opperman dié kroniek van ŉ moderne heilige wat deur haar offer God help om die mens en die skepping te verlos.

Haar lyding begin reeds wanneer sy volgens streng voorskrif net sekere werk op die sendingstasie mag verrig, „maar God het haar besoek en ook versterk vir die opofferinge van Sy werk." (Nooi, bl.49). Sy word deur God geroep tot haar verlossingswerk deur vereenselwiging :

„'...nou sou Ek graag wou hê dat jy, Kristien,
deur veranderinge van jou lyf en gees
telkens ŉ lidmaat van My lyf moet wees
sodat jy lyf ná lyf die pyn van ander voel.'
'My Heer, ek stel my liggaam tot U doel.'
'Dié antwoord, My vriendin, het Ek verwag;
op dié manier word ook jóú pyn versag.'"
(Nagmaal, bl.50)

Deur/

Deur haar lyding soos uitgebeeld in Wildehond (bl.51) en Meid (bl.52) om haar van die honger van haar liggaam te bevry, verlos sy as 't ware die hele sondige, lydende skepping — die Diepkuil (Nagmaal) : die diep kuil van menslike nood en ellende soos sy die aarde sien vanaf die spitse van die hemeltinne. Sy bring die verlossingsboodskap van God tot die skepping :

... hoor toe vir die eerste keer van hulle Vader.
(Klipkoppie, bl. 53)

...................."Al is ons vas
as mannetjies en wyfies tussen grond en lug
ewig in die spel gevange van bevrug,
is daar 'n Groen Wind wat só vervoer
dat ons ons kan losdans sonder om te roer..."
(Papajabos, bl. 54)

Sy gee geboorte aan 'n nuwe mensheid terwille van wie sy haar offer — en word so tipe van Christus:

...en half verstrooi sien sy hoe om haar staan
wit, bruin en swart, 'n halwe maan,
en onbesorg eet hulle skyf na skyf
die wyn en brood van haar bros lyf.
(Waatlemoen, bl.55)

In haar offerlyde berei Kristien die hele mankolieke skepping voor vir die wederkoms van Christus :

"............... berei jul vir die bruidegom
nou voor wat uiteindelik na Sy bruid toe kom:
papajas, klippe ... Was en soek skoon linne,
Hy tree alreeds die ledemate binne."
Sy sukkel na die orrel, blaastrappe knars
en dreun oor alles uit : die groot troumars.
(Troumars, bl.56)

So word hierdie gedig met sy kerngedagte van verlossing van die sondige skepping deur lyde, boetedoening, die grootse kulminasiepunt van die verlossingsmotief in Opperman se gepubliseerde poësie.

'n /

'n verlossingsgedagte wat in telkens gevarieerde vorm in bundel na bundel tot uitdrukking gekom het.

En sou 'n mens nie ook in Kristien se vereenselwigings- en verlossingstaak 'n analogie van die omskeppingstaak van die digter kon sien nie ?

X X X X

'n Ander faset van die teenstelling : „blom en baaierd", soos in die titel van die bundel vervat, is die rassekonflik en die daarmee gepaardgaande ellende. Hierdie gedagte van die stryd tussen blank en gekleurd kom ook tot uitdrukking in Nagwag (bl.27), maar seker die mees dramatiese verwoording van die rassebotsing vind ons in Staking op die suikerplantasie (bl.5) :

Die oppervlakkig beskaafde en gekerstende onderwyser Zoengoe, wat „onder die sakkende ou Kruisster" uitgaan, geklee in die primitiewe en barbaarse drag van sy voorvaders, sweep sy volk op tot agitasie, gee op 'n ander wyse uitdrukking aan die verwyt van Swart kop (Brandaan - ENGEL UIT DIE KLIP, bl. 48) en verwoord so die aanklag van die gekleurde (want ook die Indiër en die „taai basters" word betrek) teen die witman, die Westerse beskawing, die Christendom, hier en oral op die aarde :

„Dié land is maar een groot plantasie
met 'n goedversorgde sendingstasie,
en, Broers, ek Zoengoe vra : Waarom ? Waarom ?
Hulle bring net vir ons Christus
dat ons in alles moet berus
en nie luister na die trom, die trom ...!"

(bl.10)

Die/

Die pogings tot kerstening en beskawing van die swartman blyk nietig en vergeefs voor die opwellende primitiwiteit, die opstuwende geweld :

> Die brandweer skud sy klokke,
> enjins rangeer hul watertrokke,
> maar vlamme sprei met klanke van die trom.
> Sewe vrouens word verkrag,
> eerwaarde Kriel geslag,
> dan fluit die duisende koeëls van die pom-pom.
> (bl.16)

Hoewel die lyde, veroorsaak deur die orkane, vrede bring en samewerking, ook insig, wanneer God se oordeel almal tref, is dit slegs uiterlik en tydelik :

> ... Dan, op 'n aand, begin die dreuning van 'n trom.
> (bl.18)

Op dramatiese en boeiende wyse verwoord hierdie gedig 'n aanklag nie alleen teen die mense van „die suiderland" nie, maar dit word ook onthulling van die geestelike bankrotskap van die hele wêreld „onder die sakkende ou Kruisster", en daarom ook aankondiging van 'n voorgevoelde noodwendige ondergang en die noodsaak van verlossing :

> „.. bo ons lui alreeds die laaste klok."
> (bl.13)

By die grondgedagte van hierdie gedig sluit aan verse soos <u>Draaiboek</u> (bl.23) en <u>Nagwag</u> (bl.27), ook <u>Kersliedjie</u> (bl.26); en al hoe dwingender word die noodsaak van die verlossing van 'n lydende, sondige, ontwrigte skepping.

In <u>Draaiboek</u> ontvou daar voor ons oë met enkele flitse die aangrypende tragedie van gemengde bloed :

> Kiek badkamer, maar swak belig
> wys seun wat aan 'n tou verwurg.
> ......... /

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
„Waarom het hy dié nag hom opgehang ?"
. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .
„Sy vel was donker, sy broer s'n lig."

Kiek waar vier kinders vroeg opstaan,
drie na wit en hy na bruin skool gaan.
(bl. 23)

Minder rou en fel, maar nietemin eweneens aktueel en simtomaties van die mankolieke skepping, is die gedagte wat in <u>Kersliedjie</u> verbeeld word, soos in Afdeling 11 in die hoofstuk oor die gewone woord uitvoerig aangetoon word. Die Bybelse gegewe van die geboorte van Christus en die aanbidding van die drie wyse manne het Opperman in sy gedig geheel en al gelokaliseer : Christus is na Distrik Ses gebring, maar teenoor die gelowige drie outas sien ons die broeis bantam met haar agterdogtige gekloek - dus ook hier „blom en baaierd."

Die weedom van die „menslike verval"(<u>Blomverkopers</u>, bl. 33; <u>A. Roland Holst</u>, bl. 43) lê aan ook die meeste van die <u>Kaapse draaie</u> ten grondslag :

Ek hoor nie meer straatkeffers vir my blaf
en waai nog skaars steekvlieë van my af,
maar bly soos dit die baas geval
van môremark tot skemerstal
salpetrig in die lyf se halter draf.
(<u>Ou knol</u>, bl.35)

So ook <u>Ou vrouens van die markplein</u>(bl.21) by wie Opperman die „blom en baaierd" in skrynende kontras stel, skrynend ironies by dieselfde nense : „sterrenagte" teenoor „met matrose"; „blikkieskos" (ironiese „blom") teenoor „gebottelde vlam"; „kinderpiekniek s en die Sondagskool" teenoor „skemersale". Die eindindruk is degenerasie, verwording, „baaierd".

Voos en uitgedien is hierdie ou vrouens van die

markplein /

markplein se lewe, toonbeeld van 'n skepping wat staan in die teken van ondergang, wanneer

> ... alles versink in die trap,
> trap van die tyd
> en nagte se aaklige vlerkgeklap ...
> (Ringdans van die hamerkoppe bl.25)

Die nood en skuld van die mens : sonde, stofaanbidding en wat daarmee saamhang, vind ons terug in talle gedigte, o.m. Blom van die baaierd, bl.65. Dit is om 'n verlossing uit hierdie nood en sonde te bewerkstellig dat Kristien haar opoffer.

So word die poësie van hierdie digter nie alleen die stem en gewete van sy tyd nie, dié van die bewaker van die geestelike teenoor die „baaierd" nie, maar ons sien ook hoe die verlossingsgedagte in gevarieerde vorm 'n steeds terugkerende en al hoe intenser wordende fassinerende sentrale motief in Opperman se digkuns is. Daarby merk ons hoe sy opvatting van die digtertaak, van die begin af religieus, steeds toeneem in draagwydte en hoe sy poësie, by alles wat dit inhou, tewens 'n treffende verwoording en demonstrasie is van die heerlike maar verantwoordelike taak van die digter en sy kuns — die grootsste en aangrypendste visie en opvatting van die digterskap en die poësie wat nog in ons digkuns tot uitdrukking gekom het.

## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

1. Nasionale Boekhandel, Kaapstad 1956.

2. A.P. Grové : _Oordeel en voordeel_, bl. 84.

3. S. Vestdijk : _De glanzende kiemcel_, bl. 213.

4. A. P. Grové : t.a.p. bl. 157.

5. _Standpunte_, Jg. V111 Nr. 2, bl. 47.

6. T.a.p. bl. 54.

7. D.J. Opperman : t.a.p. bl. 53.

8. A.P. Grové : t.a.p. bl. 147.

9. Vgl. _Kuns is boos_ !, t.a.p. bl. 47.

10. J.H. Bormans : _Leven van Sinte Christina de Wonderbare_.